Geregistreer aan die H.P.K. as 'n Nuusblad

VIR DIEGENE GEWOOND AAN DIE BESTE Forrer SE WYNE

# Die O.B.

VIR U VRIENDE VIR U GASTE EN VIR U Forrer SE WYNE

VIERDE JAARGANG. WOENSDAG, 28 MAART 1945 No. 18.

# REPUBLIEK HET PARTYE VERBIED

## Partypolitiek Mag Nie Eens Op Vergaderings Kop Uitgesteek Het

*Met betrekking tot die K.G. se antwoord aan dr. Malan insake lg. se weiering om saam te werk, skryf Die Burger van 22 Maart in 'n hoofartikel o.a. as volg: . . . . „Op dieselfde wyse skryf dr. J. F. van Rensburg alles wat op politieke gebied verkeerd is, aan die partye en partypolitici toe. Hoe hy egter meen om die land van die bestaande partye te bevry en om daarna die vorming van nuwe partye te voorkom, vertel hy nie."*

Die blad verwys dan na die „mees demokratiese" Boere-republieke en sê: **„In Transvaal weer was partye reeds in die kiem aanwesig en sou daardie republiek, indien die Tweede Vryheidsoorlog nie uitgebreek het nie, ongetwyfeld sy politieke partye gekry het."**

Dit is wat Die Burger sê, en wat Die Burger sê is nog lank nie geskiedenis nie. Inteendeel, dit is partypolitiek — so ver verwyderd van die werklikheid as die praatjies van parlementariërs in die parlement.

Laat ons nou vir eens en vir altyd op die duidelikste en mees afdoende wyse hierdie kletspraatjies van die baan skuif en die suiwere posisie van Transvaal in die woorde van sy eie wetgewers weergee.

### GEEN PARTYE

**In Transvaal was daar geen politieke partye nie, soos Die Burger self erken, en saam met hom die Britse Minister van Koloniale Sake in sy voorwoord tot die Lyttleton-konstitusie in 1904 erken het (kyk Die O.B., 28 Feb. 1945, bl. 2). Dit word dus alom erken: Transvaal het geen partye gehad nie en hy het geen opposisie of opposisieleier gehad nie. Geen party was in die Volksraad verteenwoordig nie, maar net die VOLK.**

Nou sê Die Burger dat partye „in die kiem aanwesig was en sou ontwikkel het." Ook vra hy hoe die O.B. partye sal voorkom.

**Die Transvaalse Volksraad het die antwoord reeds in 1893 hierop gegee, sowel op Die Burger se veronderstelling as op die voorkoming van partye.**

**Met die Presidentsverkiesing in 1892 is daar vir elke kandidaat 'n „Verkiezings-comite" gestig wat vir hom propaganda moes maak en die verkiesing veg. DIT WAS DIE KIEM VAN DIE PARTYPOLITIEK waarvan Die Burger praat.**

### WET NO. 14/1893

**Maar wat het van hierdie kiem geword?**
**Deur Wet No. 14 van 1893 („Regelende het algemene Kiesrecht der Burgers in de Zuid-Afrikaanse Republiek") is hierdie kieme van 'n vreemde partystelsel uitgedelg sodat dit nooit weer kon opstaan om die volkseenheid te verpes nie.**

*Artikel NEGE van die Wet lui as volg:*

„IN GEEN GEVAL ZAL HET OPTREDEN VAN VERKIEZINGS-COMITE'S BY EENIGE VERKIEZING EN OP EENIGE BYEENKOMST GEOORLOOFD ZYN." . .

**Dus, nie alleen is kandidate belet om met verkiesings gebruik te maak van 'n organisasie nie, maar dit is selfs deur wetgewing verbied dat sulke politieke organisasies of partye hul verskyning op ENIGE vergadering mag maak.**

*En wat was die uitwerking van hierdie verbod? Die geskiedskrywer J. F. van Oordt in sy boek PAUL KRUGER verklaar op bladsy 794 (nadat hy gewys het op die bitterheid waarmee die verkiesing in 1893 gevoer was toe die verkiesingskomitees in die lewe geroep is): „De verkiesing-stryd werd met veel meer kalmte en bedaardheid gevoerd, dan het geval was in 1892; en wat tot deze kalmte bydroeg was het niet-bestaande van Verkiezings-comite's, die in 1893 door den Volksraad waren verboden, daar men hun gevaar in het vorige jaar ingezien had."*

**Politieke partye — destyds „verkiezings-comite's" genoem — is dus deur wetgewing uitgeban uit die Transvaal se openbare lewe. Hulle is as peste vermy!**

**Dit beantwoord ook die vraag van Die Burger hoe die O.B. partyvorming wil voorkom. Ons voorvaders van die Suid-Afrikaanse Republiek het die voorbeeld gestel, en nie Duitsland, Italië of Rusland, soos Die Burger in sy slotparagraaf veronderstel nie.**

### AFRIKANER-SEGE

Bloemfontein is vir die Afrikanerdom verower na jare van stryd. Verlede week is al vier Afrikaanse kandidate verkies tot lede van die stadsraad. Hulle is dr. M. de Villiers, mnre. J. G. Benade, J. H. Pretorius en J. W. du Plessis. Onder die verslane kandidate is die onder-burgemeester, mnr. W. F. Prophet. Daar is tans agt Afrikaanse en vier Engelse lede in die raad.


## Die Leeslaer-Novellereeks

het reeds die steun en waardering van die lesersgemeenskap verower......

Nuwe verrassende en uitgesoekte Boekeryskemas vir Werkers, Huisvroue, Kinders en belangstellendes in die Wêreldpolitiek, in die Kuns en Wetenskap e.d.m. is deur deskundiges vir u saamgestel...........

Asook 'n skema om die beste boek wat elke maand in Suid-Afrika verskyn, gereeld aan u te stuur.........

Hierdie unieke en waardevolle dienste word deur ons spesiale boeke-organisasie, wat as skakel tussen lesers en skrywers dien, aan u gelewer, nl.

## Die L. & S. Boek- en Kunssentrum

KERKSTRAAT 29, Posbus 4892, JOHANNESBURG.

Van die beste van ons skrywers verleen langs hierdie weg hul medewerking aan lesers.

Hou die pers dop vir verdere aankondigings.

# BEROEPE EN NIE PARTYE MOET PARLEMENT VORM

## Belaglikheid van Huid'ge Stelsel

*„Dit is dwaasheid dat Stellenbosch se wynboere verteenwoordig moet word deur 'n keelspesialiteit en die landbou in die algemeen deur 'n prokureur Strauss van Johannesburg," het Adjunk-kommandant-generaal J. A. Smith verlede Vrydag te Maitland gesê toe hy die O.B. se beleid van beroepsverteenwoordiging in plek van die huidige partypolitieke stelsel verduidelik het.*

Saam met genl. Smith het ook opgetree gebiedsgeneraal C. L. de Jager van die Vrystaat. Die vergadering is gehou onder leiding van komdt. Engelbrecht, en musiek is verskaf deur die O.B.-blaasorkes.

Genl. Smith het weereens beklemtoon dat die verloop van die oorlog nie die minste uitwerking op die Ossewabrandwag se stryd gaan hê nie. **Die Geallieerdes begin nou al skrik vir die vrugte van hul oorlogvoering en dit is daardie vrugte wat die Ossewabrandwag se oorwinning gaan besorg, want sy beleid is die enigste alternatief uit die wanorde wat op die oorlog gaan volg.** Almal begin al vandag praat van 'n nuwe party, maar wat hierdie mense met hul nuwe party beoog, is die doelstellings van die Ossewabrandwag. Die verskil is net dat hulle dit in der ewigheid nooit langs die weg van partyskap sal verkry nie — **een van die partye vier vanaand sy dertigste bestaan en die land is in groter ellende as toe hy begin het — terwyl die Ossewabrandwag partyskap wil uitskakel en samesnoering soek deur in die plek van partyverdeeldheid in die parlement beroepsverteenwoordiging te stel.**

### GAAN VOORT

Dit was die doel van die uitnodiging wat onlangs tot verskillende leiers gerig was. Die H.N.P.-leiding het dit finaal verwerp, maar nie die volk nie. Daarom gaan die Ossewabrandwag voort met die organisering van sy ekonomiese front. **Hierdie front gaan 'n nuwe soort verteenwoordiging in die parlement bring, nl. dat elke beroep sy eie mense stuur om hom te verteenwoordig. Dit is belaglik dat die wynboere van Stellenbosch deur 'n keelspesialiteit verteenwoordig moet word en die landbou in die algemeen onder leiding van 'n Johannesburgse prokureur staan. Die O.B. wil dat elke beroep sy eie sake behartig en binne die gemeenskapsraad, wat in die plek van die parlement gaan kom, is al die beroepe verteenwoordig om gemeenskaplike beleid uit te werk. Dit is samewerking in jou landsbestuur en nie stryd en verdeeldheid soos die partypolitiek nie.**

Die O.B. wil 'n partylose staat hê soos in die Boere-republieke waar partye deur middel van wetgewing belet was. **Dit het die Transvaal geen diktatuur gemaak nie, maar die gesag in die hande van die volk self geplaas wat sy president gekies het, in plaas van 'n politieke party wat stryd voer teen die res van die volk.**

Ten slotte het genl. Smith beklemtoon dat alles wat tans en in die toekoms gaan gebeur, bevorderlik gaan wees vir die Ossewabrandwag. Ons vorder reeds geweldig. **Binnekort gaan ons koerante dwarsdeur die land hê asook 'n dagblad in Kaapland. Daar is reeds ver gevorder in hierdie opsig.**

**Genl. De Jager se toespraak verskyn in ons volgende uitgawe.**

## ALMAL WELKOM

**In sy weiering van die O.B.-uitnodiging tot samewerking nooi dr. Malan alle Afrikaners uit om binne die H.N.P. te kom stry vir die goeie saak — hy belowe dat daar nie aan die verlede gedink sal word nie.**

**Toe sommige van die onlangs uitgeskopte amptenare by die H.N.P. wou gaan aansluit, is hulle lidmaatskap geweier omdat hulle ook O.B.-ondersteuners is. Terselfdertyd is 'n bevel in dr. Malan se partykantoor uitgevaardig aan alle takke in Kaapland om partylede wat „in die tydperk 1 Mei tot 15 Junie 1945 nog lid is van die O.B. of van sodanige aanverwante vertakking, OF WAT HOM DAN NOG DAARMEE VEREENSELWIG, outomaties" te laat verval.**

## Vryheidsdag Viering

### ROSENDAL

Die Vryheidsvuur het ook hier helder gebrand op 27 Februarie. Die opkoms was goed. 'n Mooi bedrag is gestort in die offerkissie, terwyl die verkoop van verversings ook heelwat opgelewer het. (Ingestuur).

### SPRINGBOK

Op 3 Maart het hierdie kommando by die ou padkamp Majuba-fees gevier. Om 6-uur is aangevang met vleisbraai en 'n basaar, waarvoor die vroue en die jeug verantwoordelik was. Die program is netjies uitgevoer. Die kommando het £20-10-0 en die Boerejeug £5 ingesamel. (Ingestuur).

### VIOOLSDRIFT

'n Onderdeel van die Springbok-kommando het, weens die groot afstande, hul eie fees gevier. Die rekordbedrag van £45-10-0 is ingesamel. (Ingestuur).

## DIE K.G. IN NATAL

Woensdag, 28 Feb. is die Kommandant-Generaal van Amajuba na Groenvlei, waar hy 'n funksie, wat 'n mooi bedrag vir Vryheidsdag ingesamel het, toegespreek het.

Vrydag is die K.G. na Utrecht. Hy is ontmoet net buite die dorp deur 'n groot perde-kommando en 'n motorstoet, wat gelei is deur Jeugkommandante Dannhauser met die O.B.-vlag, wat gelei het tot 'n ontvangs deur die vroue by die stadsaal.

Die aand om 8-uur het dr. Van Rensburg, onder voorsitterskap van hfkomdt. J. C. Davel, en begelei deur 'n 30 wagte, 'n goed gevulde saal, van geesdriftige O.B.'s en ook andersdenkendes toegespreek.

Saterdag, 3 Feb., in stortende reën, is die K.G. net buite Newcastle deur 'n stoet van 30 motors verwelkom. Weens die reën moes 'n groot en goed georganiseerde perde-kommando uitgelaat word. Die stoet het met vlieënde vaandels deur die dorp gekronkel, en geëindig by die stadsaal waar die K.G. verwelkom is deur die vroue-afdeling van hfkomdt. A. Adendorff by wyse van 'n baie aangename geselligheid.

Om 8-uur die aand, onder voorsitterskap van komdt. J. van der Westhuyzen, het die K.G. gevolg deur 25 man van die O.B.-wag, die gehoor toegespreek.

## Partypolitiek Bedreig Universiteit

**Hierdie jaar het dr. Malan se H.N.-Party, vir die eerste keer in die geskiedenis van die Universiteit van Stellenbosch, die partypolitiek ingeknoei by die verkiesing van lede vir die Studente Verteenwoordigende Raad.** Hierdie Raad is volgens gevestigde gebruik en tradisie altyd by wyse van „vrye" verkiesing saamgestel. Volgens ongeskrewe studentewet het kandidate vir hierdie Raad nooit vir hulleself, afsonderlik of gesamentlik, stemme gewerf nie. Dis aan elke student se eie vrye keuse oorgelaat om te stem vir wie hy wil — sonder dat hy „gepropageer" word. Hierdie jaar het die H.N.P., sonder om vooraf kennis te gee van sy voorneme aan die studenteunie, die verkiesing op partypolitieke grondslag gevoer en die raad „gepak" met H.N.P.-lede.

**Die hele studentegemeenskap het in gebelgde reaksie gekom teen hierdie skandelike misbruik van die party se organisasie, en teen die insleep van die partypolitiek in suiwer studente- en universitêre aangeleenthede.**

Vier-en-sestig lede is op 'n monstervergadering genomineer as kandidate. Die eerste verkiesing is weens een of ander ongerymdheid ongeldig verklaar, dog nie die nominasies nie. **By die tweede verkiesing het vier-en-veertig genomineerdes geweier om te staan as kandidate, as protes teen die laakbare optrede van die H.N.P. Onder hierdie vier-en-veertig wat geprotesteer het, is lede van die wyksraad van die H.N.P.; en so kwaai is die gevoel in die geledere dat sommige H.N.P.-lede selfs die party bedank het!**

Vanselfsprekend het O.B.-lede sowel as lede van die A.N.S. hulle aan hierdie partypolitieke verkiesing onttrek. **Reeds lankal pleit hierdie studente daarvoor dat die S.V.R. organies saamgestelmoet word uit verteenwoordigers van die belangegroepe in die studente-unie.**

As rede vir hierdie inpalming van die studente se verteenwoordigende raad geld die begeerte van die H.N.P. om die S.V.R. te gebruik ten einde die Studente-kommando's en die A.N.S.-tak op Stellenbosch dood te wurg.

Die Studente-kommando's op Stellenbosch is lewendig en hulle getalle groei daagliks aan. (Ingestuur).

## En die Damwal Wil Bars!

**„Die Suid-Afrikaanse Spoorweë staan vandag feitlik magteloos teenoor die vraagstuk van spoorvervoer en die posisie kan vergelyk word met 'n dam wat so vol is dat die wal begin bars, terwyl slegs die barste op 'n manier toegestop kan word sonder dat dit enigsins moontlik is om die wal hoër te maak," het die Assistent-superintendent van Spoorweë op 12 Maart op 'n vergadering van die Robertsonse kamer van koophandel gesê.**

**Terwyl dit die posisie is, het dit aan die lig gekom dat die Spoorweë enige weke gelede 36 ingevoerde windhonde in spesiale trokke van Durban na Johannesburg vervoer het om daar te gaan reisies hardloop. Met dieselfde ruimte kon 1,000 skape of 200 beeste vervoer gewees het. Ook is geopenbaar dat die Spoorweë 'n spesiale passasierswa afgesonder het vir die private gebruik van 'n mynmagnaat en sy vrou. In daardie selfde week moes honderde mense by die Spoorwegstasies omdraai omdat daar geen plek vir hulle was nie.**

**Om gebruik te maak van die beeld van die Assistent-superintendent: Onderwyl gesukkel word om die barste in die damwal „op 'n manier te stop," word hulle oopgerek om platannas daardeur na binne te druk.**

A.V.B.O.B

Lykbesorgers, Grafsteenmakers, Begrafnisversekeraars

BLOEMFONTEIN — PRETORIA

130 Takke

*BEGRAFNISVERENIGING*

SAFFAS BPK.-LTD.

'n Klein Maandelikse Premie dek die hele Famille.

Die Lykbesorger in u dorp is ons agent.

DIE SUID-AFRIKAANSE FEDERASIE VAN BEGRAFNISVERSEKERINGS-VERENIGINGS BEPERK. ... ... ... ...

(Geregistreer onder die Versekeringswet)

62 Beckettsgebou, Presidentstraat 67, h/v. Harrisonstraat,

JOHANNESBURG.

MARKAGENTSKAP

VROEË MÔRE-MARK

KAAPSTAD

BETALING GESKIED ONMIDDELLIK, WEEKLIKS, MAANDELIKS OF SOOS VERLANG.

BESTE HEERSENDE PRYSE.

*MINNAAR & VAN SCHOOR*

Eienaar: GUSTAV RETIEF.

Telefoon 2-0212.

Excelsior Wyne en Brandewyne

Aan EXCELSIOR Wyne is toegeken drie Silwer bekers en verskeie Eerste Pryse op die jaarlikse Westelike Provinsie se Wynskou.

PRYSLYS:

| | Per Bottel in kissies van 12 Bottel | Per Gelling in 5 Gel. Vaatjies |
|---|---|---|
| **WYNSOORTE:** | | |
| Spesiaal (Soet) | 2/6 | 11/- |
| Wit Jeripigo | 1/9 | 8/6 |
| Rooi Jeripigo | 1/9 | 8/6 |
| Malmsey | 1/9 | 8/6 |
| Wit Soet Muskadel | 1/8 | 8/- |
| Rooi Soet Muskadel | 1/8 | 8/- |
| Soet Port | 1/8 | 8/- |
| Port | 1/7 | 7/6 |
| Pontak | 1/7 | 7/6 |
| Worcester Hock | 1/7 | 7/6 |
| Spesiale Sjerrie | 1/7 | 7/6 |
| Goue Sjerrie | 1/6 | 7/- |
| **BRANDEWYN:** | | |
| A 1 | 8/- | — |
| Boegoe | 7/6 | — |
| **LIKEURS:** | | |
| Kersie | 6/6 | — |
| Van der Hum | 6/6 | — |
| Creme de Menthe (Pepperment) | 7/6 | — |
| **JENEWER** | 7/6 | — |
| **JENEWER-LIKEURS:** | | |
| Lemoen | 7/6 | — |
| Suurlemoen | 7/6 | — |
| „COCKTAIL" | 4/- | — |
| **MOSKONFYT** | 1/6 | 6/6 (Slegs in Blikke) |

**GELIEWE DAAROP TE LET.** Kliënte kan voorsien word van enige aantal bottels van enige soort wyn, brandewyn en likeurs, mits dit 'n kissie van 12 bottels is. Moskonfyt egter, word net in 12 bottels en 4 gelling hoeveelhede verskaf.

Bestellings word slegs uitgevoer KONTANT MET BESTELLING of KONTANT BY AFLEWERING plus K.B.A.-koste, vry op spoor Vlakteplaats-Stasie. KONTANT PLUS SPOORVRAG MOET BESTELLINGS VERGESEL WAT OP HALTES OF BUSHALTES AFGELAAI MOET WORD, andersins sal bestellings na die naaste stasie gestuur word.

Die volgende deposito's moet bestellings vergesel nl. 20/- per vaatjie, 5/- per blik en 5/- per kissie met bottels. Genoemde bedrae sal vergoed word sodra leë inhouers in goeie toestand terug ontvang word, spoorvrag betaald na Vlakteplaats-stasie.

**WANNEER LEË INHOUERS TERUGGESTUUR WORD, MOET ETIKETTE NIE VERWYDER WORD NIE.**

Bestel van

EXCELSIOR WYNMAKERY.

VLAKTEPLAATS-STASIE, K.P.

Posbus 1. Foon 902. Telegr.: EXCELSIOR.

# S.A. WERKERS ONDER STALIN SE GESAG GEPLAAS

## NUWE KOMINTERN KRY BEHEER OOR ALLE VAKBONDE

*Josef Stalin het in sy strewe na wêreldoorheersing — 'n strewe wat reeds die lewe van miljoene Russe, kommuniste inkluis, opgeëis het — so pas 'n magtige oorwinning behaal toe verteenwoordigers van vakbonde uit alle dele van die demokratiese wêreld die beheer oor hul organisasies aan Moskou oorhandig het. Dit het gebeur op die onlangsgehoue wêreldkongres van werkers in Londen wat deur kommunistiese afvaardigings oorheers was.*

*OP HIERDIE KONGRES HET DIE ARBEIDERS VAN DIE WÊRELD HUL TOESTEMMING VERLEEN TOT DIE STIGTING VAN 'N NUWE KOMMUNISTIESE INTERNASIONALE WAT TERWILLE VAN SKYN NIE IN MOSKOU NIE, MAAR IN PARYS — DIE NUWE KOMMUNISTIESE SENTRUM VAN WES-EUROPA — SAL SETEL.*

*HIERDIE PARYSE KOMINTERN VERSKIL VAN SY VOORGANGER DAARIN DAT STALIN NOU BEHEER KRY OOR ALLE VAKBONDE IN DIE WÊRELD WAAR HY VOORHEEN NET BEHEER UITGEOEFEN HET OOR DIE KOMMUNISTIESE PARTYE—DUS 'N DUISENDVOUDIGE UITBREIDING VAN SY MAG.*

*In onderstaande artikel word die ontwikkeling van Stalin se meesterset aangestip en word die pertinente vraag aan elke werker in Suid-Afrika gestel om te kies tussen 'n egte vakbondbeweging en die nuwe Komintern van Josef Stalin.*

## Moskou se Meesterset Ontleed

Op Sondag 23 Mei 1944 het Stalin die Derde Internasionale of Komintern ontbind. In die berig wat hierdie bekendmaking vergesel het, word gewys op „die elementêre noodsaaklikheid wat daar bestaan om stryd tussen arbeidersgroepe uit te skakel.'' Die „stryd'' waarvan hier gepraat word is natuurlik die stryd tussen die verskillende kommunistiese partye in die onderskeie demokratiese lande en daardie lande se vakbondbewegings. Die ontbinding van die Komintern was dus 'n erkenning van die kant van niemand minder as Stalin nie, dat die kommunistiese partye in die onderskeie lande in hul doel gefaal het. Hulle het nl. nie daarin geslaag om die werkers in die verskillende lande vir die kommunisme te wen nie.

**Om die vakbondbeweging van die verskillende lande geheelenal onder die duim van die kommunisme te kry, moes 'n ander plan gemaak word. Daarom dat Moskou ook verklaar het dat die ontbinding van die allergrootste belang is omdat dit „'n verenigde arbeidsfront moontlik maak.''** M.a.w. as die Komintern nie die werkers van die wêreld genoegsaam dienstig kon maak aan die kommunisme nie, moes hy ontbind word, **sodat 'n nuwe internasionale arbeidsorganisasie in sy plek gestig kon word wat dit wel kan doen..**

### VOORBEREIDING

Na die ontbinding van die Komintern is voorbereidings begin tref — meesal in die stilte — om 'n vakbond-monstering te laat plaasvind in Londen, wat die vorm sou aanneem van 'n Internasionale Arbeiders-Kongres. Ter gelegenertyd, in November 1944, het die Russiese blad, Oorlog en die Werkersklas, 'n beroep gepubliseer op die vakbonde in die demokratiese lande om oor te gaan tot die stigting van 'n gesaghebbende, doeltreffende en internasionale Arbeidsorganisasie. Moskou se doel met die Londense Kongres was nou duidelik — **'n nuwe, gemoderniseerde Komintern moes gestig word.**

In Suid-Afrika het die Kommunistiese Party, sommer prontuit met die hele mandjie patats voor die dag gekom. Op Saterdag, 30 Desember 1944, het die leier van die Kommunistiese Party in S.A., mnr. „Bill'' Andrews op sy party se kongres soos volg voorgestel:

> **„Hierdie kongres spreek die mening uit dat dit nou wenslik sowel as raadsaam is om oor te gaan tot die stigting van 'n nuwe, verenigde werkers internasionale, in staat om die bedrywighede van die organisasies van die werkende klasse dwarsdeur die wêreld te koordineer en om die oorskakeling tot sosialisme te lei en aan te help.''**

**Hierdie mosie getuig van die slaafse onderdanigheid van die S.A. Kommunistiese Party aan die begeertes van Moskou en in hierdie lig moet ook die pogings van die S.A. Kommunistiese Party gesien word, om die S.A. Arbeidersparty en die Suid-Afrikaanse Vak- en Arbeidsraad aan hulle gesag te onderwerp.** Die tragedie is dat hoewel die Kommunistiese Party in Suid-Afrika dit nie reggekry het nie, het Stalin dit tog in Londen bewerkstellig.

### KOMMUNISTIESE AFVAARDIGING

In Januarie 1945 het die Londense Kongres dan ook plaasgevind. **Sowjet Rusland se afvaardiging was die grootste op die kongres. Stalin het nl. 35 verteenwoordigers gestuur om toe te sien dat sy planne nie skipbreuk ly nie. Hulle was onder leiding van die Kommunis Vasili Kuznetsov. 'n Ander sterk afvaardiging, verteenwoordigende Meksiko en Suid-Amerika, is gelei deur die Meksikaanse Kommunis, professor Toledano. Besette en oorlogsgeteisterde Europa het sy kwota afgevaardigdes gestuur. Vernaamste onder hulle was die Randse afvaardiging onder leiding van die Kommunis Louis Saillant.** Die V.S.A. was verteenwoordig deur die Kommunisties bevriende C.I.O. onder leiding van Sydney Hillman, die man wat deur middel van sy Politieke Aksiekomitees baie daartoe bygedra het om Roosevelt die presidensiële oorwinning te besorg. By wyle was die Kongres onder voorsitterskap van die „Londense Cockney'' mister Isaacs! **Hierdie manne het die Kongres beheer en hulle wil ook maklik deurgevoer.**

Sir Walter Citrine, die leier van die Engelse afvaardiging, was, te oordeel na persverslae nie 'n alte gelukkige kongresganger nie. Hy het telke male probeer rem aandraai, maar die stoomroller-meerderheid het sy opposisie elke keer in duie laat stort.

**Die invloedryke Amerikaanse Federasie van Arbeid was gladnie verteenwoordig nie — hulle het die hele kongres afgekeur as 'n „Bolsjewistiese sameswering.''**

### NUWE KOMINTERN

Soo verwag kon word, het hierdie Kongres besluit:

> **„Om 'n alles insluitende internasionale vakbondorganisasie te skep, gegrond op gelykheid en volkome gelykberegtiging van ras, geloof of politieke oortuiging. — Ons eis,'' so lui die besluit verder, „die bestaan van 'n magtige internasionale organisasie, wat alle werkers sal verenig en met die steun van gesag sal praat — hierdie organisasie verteenwoordig te word deur 'n komitee van 45 lede met hoofkwartier in Parys.''**

Stalin het dus sy doel bereik. Die Paryse Kommentern is 'n voldonge feit. Die taktikus, Stalin, het hierdie nuwe Komintern nie weer, soos die oue, in Moskou laat setel nie, maar wel in die hoofstad van sy bondgenoot de Gaulle. Hierdie nuwe Komintern wil nie, soos die oue, slegs die Kommunistiese partytjies in die demokratiese lande beheers nie, **maar hy wil veel meer — hy wil die hele vakbondbeweging in elke demokratiese land domineer. Stalin is nie tevrede om bv. in Suid-Afrika, net die S.A. Kommunistiese Party in sy diens te hê nie, nee, hy wil die Suid-Afrikaanse Vak- en Arbeidsraad tot handlanger hê.**

**En die verteenwoordigers van die S.A. Vak- en Arbeidsraad het hiertoe ingestem toe hulle vir die Paryse Komintern gestem het.**

### WERKERS VOOR KEUSE

Met die stigting van die Paryse Komintern het elke werker en elke egte vakbondbeweging in Suid-Afrika op die kruispad beland. Daar moet gekies word tussen handlangerdiens aan die Kommuniste òf die eerlike behartiging van die belange van die werkers van Suid-Afrika.

Hierdie set van Stalin kan alleenlik slaag omdat die werkers op onverklaarbare wyse die beheer oor hulle vakbonde laat val het in die kloue van volksvyandige kommunisties-gesinde agitators. In Suid-Afrika het die Ossewabrandwag reeds lankal hierteen gewaarsku en het hy vir die volk 'n Arbeidsfront begin organiseer wat die werker by sy volk sou aanskakel en wat die vakbondleiding in die hande van bona fide bedryfswerkers sou plaas. Vandag tree die lewensnoodsaaklikheid van hierdie Arbeidsfront met skokkende helderheid na vore.

**En die werkers van Suid-Afrika moet kies: Hul volk of Stalin; Die Arbeidsfront of die Paryse Komintern. En die tyd vir die keuse is kort. Die Russiese Kolos is reeds in ons midde. Nie langer is Stalin ver verwyderd op die Duitse Oosfront nie, nee, hy is baie naby — binne die Trades Hall in Johannesburg.**

---

**Om Merke** wat deur 'n warm skottel op 'n tafel veroorsaak is, te verwyder, moet 'n pappie van sigaretas en olyfolie gemaak word. Sit dit aan die merk, laat dit oornag aanbly en vryf dit die volgende dag met 'n flennielap op.


VERNAME BETREKKINGS STAAN OOP VIR DIE MAN WAT GEREED IS



T.A.K.K. SAL U SPOEDIG EN DEEGLIK GEREED MAAK

Waarom word van 'n persoon wat opgang maak in die besigheidswêreld gesê dat hy „gelukkig'' is of „invloed'' het? Tog is sukses in besigheid gewoonlik die vergoeding vir opleiding wat verstandig aangewend is.

Jaarliks onderskei persone wat deur Transafrika se gespesialiseerde kursusse opgelei is in Besigheidsbestuurderskap, Boekhou, Rekeningkunde en soortgelyke vakke, hulself in die besigheidswêreld. Studies gedurende spaartyd bewerkstellig dit alles, en nie alleen is hierdie persone geskik vir bevordering nie, maar hulle is ook toegerus met die kennis wat hulle instaat stel om te kan sien wanneer 'n kans gebied word, en dit aan te gryp. Moet nie uitstel nie! Pos onderstaande koepon dadelik!

T.A.K.K. SUKSESSE BEVESTIG T.A.K.K. ONDERRIG

Hierdie onderskeidings is almal deur middel van T.A.K.K. se lesings behaal:

**Eerste Eksterne Rhodes-student in die wêreld (1936). Eerste plek in die wêreld Ch. Inst. of Secs. (1940). Eerste plek in die wêreld Inst. of Bookkeepers (Eng.) 1934. Eerste Eksterne Hoër Diploma in Bantoestiek in S.A. (1936). Eerste Rhodesiese Laer Staatsdienswet (1939). Eerste plek in S.A. Chart. Inst. of Secs. (Instituut se oorsese prys toegeken). Enigste Eksterne M.A. ((Engels) Eerste Klas (1936). Enigste M.A. in Hollands (1942). Enigste Volledigste Onderskeiding, Nasionale Junior Sertifikaat (1943). Al die sewe vakke met onderskeiding afgelê. Enigste drie Finale LL.B. cum laude (1943).**

TRANS-AFRIKAANSE KORRESPONDENSIE-KOLLEGES (EIEND) BPK.

(Waarby ingelyf is Helpmekaar-Korrespondensiekollege T.O. en Universiteits-Korrespondensiekursusse).
T.O.-HELPMEKAARGEBOU,
h/v Loveday- en De Villiersstraat,
JOHANNESBURG.
Posbus 3512 Telefoon 33-7208

Die Besturende Direkteur,
Transafrikaanse Korrespondensie-Kolleges,
Posbus 3512,
JOHANNESBURG.

Stuur my asseblief, sonder enige verpligting aan my kant, die prospektus van u Kollege.

Ek stel belang in ..................
Naam ..................
Adres ..................
Beroep ..................
O.B. 3/45

VIR REGS- EN UNIVERSITEITS - KURSUSSE SKRYF AAN TRANSAFRIKAANSE KOLLEGES POSBUS 640, PRETORIA

DIE O.B., WOENSDAG, 28 MAART 1945

# Die Hele Land 'n Bloemfontein

Bloemfontein het 'n voorbeeld aan die hele land gestel van wat Afrikaner-samewerking kan doen. Vir tientalle jare was Bloemfontein se stadsraad uit en uit Engels-Joods. Alle pogings van kandidate en groepe kandidate om hierdie vesting te verower, het op niks behalwe agteruitgang uitgeloop: die eindresultaat was dat die stadsraad honderd persent Engels was.

**Van verlede jaar af egter het die Afrikaanse organisasies—Ossewabrandwag, H.N.P., Reddingsdaadbond en andere 'n gesamentlike komitee gestig waarin almal saamwerk op een gemeenskaplike Afrikanergrondslag.** By die stel van kandidate is daar nie gevra na partytrou of lidmaatskap nie. Daar is gekyk na Afrikanerskap, en in die jongste verkiesing het b.v. O.B.-offisiere georganiseer vir 'n H.N.P.-man wat nie lid van die O.B. is nie, terwyl H.N.P.-lede weer georganiseer het vir kandidate wat O.B.-gesind is. En die uitslag?

**In twee agtereenvolgende verkiesings op hierdie grondslag is die stadsraad verower met honderd persent sukses. Verlede jaar is vier Afrikanerkandidate ingestem en vanjaar weer vier, sodat die stadsraad tans uit agt Afrikaners teenoor vier Engelse bestaan.**

**Dit is hierdie grondslag wat die Ossewabrandwag vir die hele volk aanbeveel ook ten opsigte van verowering van die parlement. Laat die volk sy kandidate stel ongeag lidmaatskap van 'n seksionele party of politieke groep, en laat alle groepe hul gewig inwerp.**

Dit is hierdie voorstel wat die O.B. nogmaals aan dr. Malan gedoen het en wat hy verwerp het omdat hy net die H.N.P. in die stryd wil werp — en dan nog 'n H.N.P. wat gesuiwer moet word van alle O.B.-gesindes! Watter hoop op sukses het hy?

**Bloemfontein het met klinkende resultate die bewys gelewer van wat ons bepleit. Laat die volk eis dat sy politiek ook op hierdie grondslag gedryf word. Die O.B. self verlang nie een enkele setel nie — net oorwinning vir die volk deur samewerking.**

# KLEREWERKSTERS WORD DEUR KLEURLINGE VERVANG

**Ek verneem dat weens die tekort aan blanke werksters op die oomblik, die klerefabrieksbase nou afskortings in hul fabrieke aanbring en kleurlingmeide as werksters inneem. Wanneer 'n blanke werkster haar werkkring verlaat, word haar naaimasjien eenvoudig oorgeplaas na die kleurling-seksie en nog 'n kleurling word in diens geneem, berig ons korrespondent uit Johannesburg.**

Die knyp sal kom na die oorlog, wanneer blanke werksters werkeloos sal wees omdat, so verneem ek, die kleurlinge nie afgedank kan word nie, tensy hulle 'n oortreding begaan het. Hulle word immers deur dieselfde vakunie beskerm!

Hierdie metode van afskorting van blank en gekleurd is natuurlik nie bevredigend nie, soos die Germiston-voorval bewys het. Hierdie soort botsings kan 'n mens ook in die toekoms weer te wagte wees.

Dat die blanke dogters nie met hierdie verwikkeling in hul werkkringe tevrede is nie, het duidelik geblyk in Junie verlede jaar, toe die Klerewerkersunie se bestuur 'n massavergadering van werksters in die Stadsaal van Johannesbug gehou het om verslag te doen van hul onderhandelings met die „kapitalistiese base'' soos hulle gewoonlik na die Jode verwys.

## SAAM MET O.B.

Die voorsitter het gevra of iemand iets te sê het. Daarop het 'n Engelssprekende werkster gesê dat daar wel iets is wat bespreek behoort te word, nl. die Germiston-voorval. Sy het verklaar dat almal weet waarom die moeilikheid ontstaan het. Dit was te wyte aan die beslistheid van blanke werksters om nie tussen kleurlinge te werk nie. „Nou word vertel dat die O.B. vir die moeilikheid verantwoordelik is,'' het sy voortgegaan. „As dit egter die beleid van die Ossewabrandwag is dat blank en gekleurd nie deurmekaar moet werk nie, dan veg ek saam met hulle,'' het sy onder dawerende toejuiging vervolg.

„You are a bloody nazi, you are a bloody O.B.'' is sy van die verhoog af toegesnou, terwyl die gehoor die bestuur uitgejou het. **Maar sy het haar man gestaan en herhaal dat as segregasie die beleid van die O.B. is, sy aan die voorpunt saam met die Ossewabrandwag sal veg.**

Die vergadering is onmiddellik in wanorde uiteen.

Die Ossewabrandwag staan saam met hierdie dogters in hul stryd teen die bolsjewisme.

# „Ongelooflik'' Sê Adverteerder

**Die O.B. kry nog elke dag briewe van adverteerders waarin hulle spontaan uiting gee aan hul verbasing oor die resultate wat hulle deur middel van die blad behaal. So skryf mnr. J. P. Olivier, bestuurder van die Westminster-Haarkappersalon in Kaapstad, as volg:**

**„Graag wil ek u in kennis stel dat ek die O.B.-blad uitstekend vind vir advertensie-doeleindes. Die reaksie is ongelooflik.''**

# Oorlogsdoelstellings en die Werklikheid

(Deur Prof. J. A. Wiid)

Die oorlogvoerende grootmoondhede het sedert 3 September 1939 reeds dikwels hulle doelstellings ten opsigte van oorlog en vrede uitgebasuin. Hierdie doelstellings het gedurende die oorlog egter herhaaldelik belangrike veranderings ondergaan. Aanvanklik was die oorlogsdoelstelling, wat Brittanje en sy bondgenote betref, die beskerming van klein volkies soos Pole. Wat van hierdie oorlogsdoelstelling geword het, weet ons almal. Die lot van Pole en baie ander klein volkies wat vandag onder die beheer van die Russiese bondgenoot staan, is bekend genoeg. In die nuwe wêreldorganisasie waaraan vandag getimmer word, sal die klein volkies bedroef min seggenskap hê. Dit word openlik toegegee deur vooraanstaande staatsmanne onder die Geallieerdes.

'n Ander oorlogsdoelstelling was om aan 'n lydende mensheid demokratiese vryhede te verseker. Aakligehede soos honger, gebrek en vrees moes verdwyn en in plaas daavan sou vrede, vryheid en voorspoed die wêreld gelukkig maak. In Amerika sou 'n oorvloed van voedselvoorrade en ander gelukbrengende produkte van die beskawing gereed gelê het om na 'n geteisterde wêreld na sy bevryding, verskeep te word. Vandag egter lees ons van gebrek en ellende in bevryde lande en van 'n Amerika wat sy voedseluitvoer na Brittanje en die bevryde lande van Europa inkort.

'n Ander oorlogsdoelstelling was die beveiliging en die bestendiging van die demokrasie soos Londen en Washington dit vertolk het. Selfs die Bolsjewistiese Rusland onder sy diktator en met sy een uitsluitende kommunistiese party het hierdie oorlogdoelstelling dapper onderskryf. Vandag weet ons dat hierdie demokrasie en wat dit ook al mag wees, orals in die gedrang is. Vermeerderde beheer, toesig en inmenging van die owerheid ten koste van demokratiese regte van die enkeling word selfs in die demokratiese Amerika en Brittanje na die oorlog in die vooruitsig gestel.

'n Ander oorlogsdoelstelling wat veral in Londen beklemtoon is en wat reeds in die verre verlede 'n Britse uitvindsel was en vandag dan ook 'n Britse stempel dra, is die bewaring en handhawing van die sogenaamde magsewewig in Europa en in die wêreld. Die Duitsland wat in 1939 aanspraak op die Poolse Korridor en Danzig gemaak het, sou hierdie magsewewig in gevaar gebring het. Vandaar die Brits-Franse oorlogsverklaring van 3 September 1939 en die huidige wêreldoorlog.

Vandag egter is hierdie magsewewig met sy Britse stempel erger versteurd as nog ooit in die verlede. Volgens veldm. Smuts in sy ontplofbare redevoering voor die Britse parlement gaan daar immers na die huidige oorlog 'n magtige en ryk Amerika, 'n Russiese Kolos en 'n arm en swak Brittanje wees. Lyk dit na magsewewig in Europa en in die wêreld?

## DIE MODERNE SAULUS VAN TARSEN WORD 'N PAULUS

By al hierdie veranderings wat die oorlogs- en vredesdoelstellings van die Geallieerdes gedurende die oorlogsjare ondergaan het, het die Sowjet-Unie 'n beslissende rol gespeel. Dit is Moskou wat keer op keer die mooi oorlogsdoelstellings en vredesideale van Washington en Londen in die war gestuur het. Dit is Moskou wat keer op keer suksesse op sy bondgenote behaal het en Londen en Washington wat toegewings aan hulle bondgenoot moes doen. As hierdie toegewings aan die Russiese Kolos sommige mense in die Angel-Saksiese wêreld onrustig maak, dan word hulle deur hulle regerings verseker dat die Rusland van vandag nie meer die Rusland van die verlede is nie — dat Stalin, net soos 'n Saulus van Tarsen van ouds, 'n plotselinge en kragdadige bekering ondergaan het en 'n Paulus geword het. Die Drie Grotes wat die toekomstige wêreldvrede gaan bewaar, sal nie hierdie wêreldvrede versteur nie, so word ons verseker, aangesien hulle almal tevrede en versadigde moondhede is. As of die wêreldgeskiedenis al ooit 'n imperialisme gelewer het wat „tevrede en versadig'' is! Of is hierdie Drie Grotes miskien nie imperialisties nie?

## NOGEENS 'N SKRIF AAN DIE MUUR?

Vir naïewe mense wat in die versadigheid van imperialistiese grootmoondhede glo, behoort die onlangse Russiese opsegging van die verdrag met Turkye van 1925 'n ware ontnugtering te wees. Daar moet onthou word dat hierdie Russies-Turkse vriendskaps- en neutraliteitsverdrag gesluit is toe Rusland sowel as Turkye hulle na die eerste wêreldoorlog uit die weste (Brittanje en Frankryk) bedreig gevoel het. 'n Mens sou dink dat hierdie bedreiging uit die weste vandag nie meer bestaan nie. Rusland sowel as Turkye bevind hom immers in oorlog met Duitsland en in bondgenootskap met Amerika en Brittanje. Turkye self is te swak om 'n bedreiging vir Rusland te wees. Dink die Russe miskien aan die Angel-Saksiese bondgenote van die Turke en aan die Dardanelle, die poort tussen Rusland se Swart See en die Middellandse See wat vir Brittanje so lewensbelangrik is? Wat verlang Moskou meer as die verdrag van 1925 aan hom gegee het? In watter opsigte het die betrekkinge tussen Rusland en Turkye gedurende die huidige oorlog „ietwat te wense oorgelaat'' volgens die Russiese blad Iswestia? Is hierdie Russiese stap een van die baie skrifte aan die muur?

'n Volgende keer meer hieroor.

## GESKORS

In 'n onlangse hofsaak in Pretoria is ses seuns skuldig bevind op aanklag van diefstal van gewere ens. Daar is ook in die hof daarop gewys dat twee van die seuns aan die O.B.-Boerejeug behoort. Die gebiedsleier in Pretoria het aan Die O.B. getelegrafeer dat die betrokke twee jeuglede, wat 'n minderheid vorm in die groep wat die misdade gepleeg het, onmiddellik geskors is.

## GROBLERSHOOP

**vier VRYHEIDSDAG op**

***Saterdag 31 Maart 1945.***

**Begin vanaf 2 n.m.**

Alle lede moet teenwoordig wees. Nie-lede en besoekers is welkom.

**BY DIE WATERBRUG KUIKENDRAAI.**

KOM SEKER!!!

## AANDAG!

**'N KAMP VAN DIE WAGAFDELING**
word gehou te
**BRANDWAG, P.K. RHENOSTERKOP.**
**dist. Beaufort-Wes**
vanaf
**11 tot 19 April 1945.**

Die A.K.G., genl. J. A. Smith sal die kamp op 11 April besoek.

O.B.-offisiere (manne) moet die kamp bywoon.

**Vergaderings** word deur die A.K.G. op die volgende plekke en tye toegespreek:

**Beaufort-Wes—12 April om 7.30 n.m.**
**Rietbron—13 April om 4 n.m.**
**Willowmore—14 April.**

Alle Afrikanervriende welkom!

# EINDELIK 'N DUIDELIKE KEUSE

## DR MALAN SE PAD LEI TOT ROOI REVOLUSIE — Prof. Du Plessis

***In onderstaande artikel toon prof. L. J. du Plessis, leier van die sosiaal-ekonomiese front, op glasheldere wyse die keuse tussen volksredding en volksvernietiging, tussen die orde van die Volksbeweging en die diktatuur van die kommunisme as vrug van magtelose demokrasie.***

**Die weierende antwoord van dr. Malan op dr. Van Rensburg se hernude uitnodiging aan alle opposisie-groepe om saam te beraadslaag oor die skepping van 'n verenigde parlementêre front het eindelik die lug heeltemal gesuiwer en die Afrikanerdom sowel as alle goedgesinde Suid-Afrikaners voor 'n duidelike keuse gestel.**

Want dr. Malan se weiering berus daarop dat die voorgestelde volksfront die party en die parlementêre demokrasie in gevaar stel. M.a.w. hy vra die volk om saamwerking van die verskillende opposisie-groepe te verwerp en om almal onder sy partyvaandel saam te sluit met die doel om so die partystelsel en parlement te red.

Terwille daarvan moet die volk kies teen volkseenheid en die kragtige volksregering wat alleen op volkseenheid gebou kán word. Of, soos dr. Malan en dr. Bremer onlangs in die parlement betoog het, moet alle demokrate hulleself verenig teen die nasionaal-sosialisme en sy sogenaamde diktatuur.

Sal die volk van Suid-Afrika terwille van party en parlement en demokrasie kies teen sy eie eenheid en krag? 'n Groot aantal volksgenote sal dit in die begin seker doen, maar die feite self sal hulle wel gou tot besinning bring.

**WAT BIED HY?**

Want watter heil bied dr. Malan, met sy partystelsel en party, die volk van Suid-Afrika aan? Wil hy daarop 'n sterk volksregering bou wat die euwels van die verlede en die groter euwels van die toekoms sal uitbou? Dis tog onmoontlik. As genl. Hertsog dit nie kon regkry nie, hoe sal hy dit regkry? Waarvandaan sal hy die nodige sterk volksteun kry vir 'n party wat nog maar steeds besig is om uit te suiwer en af te skilwer?

En as hy nog 'n regering kan bymekaarkry op party-grondslag, wat sal hy dan van belang kan uitvoer? Hy wil dan demokraties regeer met 'n parlement wat gedurig sy planne sal dwarsboom en by die eerste kragtige optrede hom in 'n eleksie sal uitlewer aan die dan bestaande opposisie om al sy werk weer af te breek.

Hoe sal hy daarby verbykom? Miskien deur 'n demokratiese koalisie? Maar dan sal hy nog minder kan uitvoer, want dan moet hy rekening hou met allerhande ongesuiwerde demokrate, waarskynlik liberaliste. Wat meer is, uit 'n demokratiese koalisie sal hy moeilik die kommuniste kan uithou, want hulle is mos ook demokrate, hulle is eers die puik-demokrate — vir algemene vryheid, gelykheid en broederskap, of so nie vir vryheid nie, dan tog vir gelykheid.

**HOE KAN HY?**

Maar dr. Malan wil dan juis die kommunisme met sy demokrasie keer! Hoe kan die duiwel beëlsebul uitdryf? Nee, op daardie pad lê die rooi rewolusie, soos die hele wêreld vandag bewys. 'n Demokratiese koalisie gaan vanself oor in kommunisme, of anders gooi die kommunisme hom omver omdat hy nie demokraties genoeg is nie.

Demokrasie beteken tog regering deur die massa, en die massa in Suid-Afrika is swart, en kommunisme staan mos vir die swart republiek!

Nee, dr. Malan en dr. Bremer, met demokrasie gaan u nie die kommunisme keer nie. Demokrasie loop uit in kommunisme, en dit is die rooi rewolusie, en in Suid-Afrika die swart rewolusie. **Demokrasie is die rewolusie! En as u anti-rewolusionêr is, dan moet u die demokrasie laat vaar, dan moet u die massa-heerskappy en die volksverbrokkeling laat vaar en kies vir volkseenheid en volksregering.**

**ENIGSTE**

Die enigste middel teen die rewolusie wat ons van die Noord-Ooste bedreig, is anti-demokrasie; dit is die enigste doeltreffende anti-kommunisme. **Dit beteken om in plaas van die mensgemaakte vryheid en gelykheid wat wanorde en rewolusie is, terug te keer tot die orde wat God en die natuur gestel het in die geskiedenis: die gebondenheid van die mense in groepe, die ongelykheid binne en tussen die groepe, die gesag wat berus op die bestemming van die verskillende groepe.**

Bind saam wat saamhoort, maar bind hulle dan ook werklik saam, stel hulle onder die gesag en tug wat pas by die aard van hulle verband. **Dit is geen demokrasie nie, maar dit is ook geen diktatuur nie. Want diktatuur is die willekeurige geweldheerskappy wat altyd voortvloei uit die bandeloosheid van die demokrasie, soos in die Franse rewolusie, soos in die Russiese rewolusie, soos in Rome en Athene van ouds en in Jerusalem, soos nou in Oos- en Suid- en Wes-Europa.**

Ons Afrikaners wil geen diktatuur nie, maar daarom wil ons ook geen demokrasie nie, want dit is die pad na chaos en na diktatuur. **Ons wil gesag en orde wat berus op die wette van God en die skeidslyne wat hy in die natuur gestel het, nie op demokratiese partylyne nie.**

**ONS WIL.........**

Ons eenheid is nie party-eenheid nie, maar volkseenheid, waarin die families, die beroepe en die natuurlike groepe van die volk tot 'n volkspolitieke geheel saamgevat is onder een gesag vir volks- en staatsdoeleindes.

**Ons wil as volkseenheid in beweging kom en koers vat na ons bestemming sonder partye en parlemente; ons is moeg van krakeel en woordefabrikasie onder mekaar soos deur die demokratiese stelsel vereis; ons wil nie meer saamtrek met die bonte mengelmoes nie; ons wil die volksbeweging hê en wel langs die hele front, op alle fronte waar die volksbelang op die spel is.**

Daarom ook op die parlementêre eleksiefront! Ook daar moet die volksbeweging nou ingryp om ook daar die skaal te laat oorslaan na die kant van die nasionale en sosiale gesagstaat wat kom. Ook daartoe het die Ossewabrandwag nou die leiding geneem en ons glo dat ander volksgroepe wat uitsien na die toekomstige verlossing daartoe sal saamwerk, en dat al meer volksgenote en ook ander blanke landgenote mettertyd sal insien dat langs daardie weg alleen die Pad van Suid-Afrika vooruitbeer na die lig wat voor in die wapad brand.

**NOU KAN ONS KIES**

Ons dank dr. Malan namens die volk dat hy die keuse eindelik helder gestel het en ons dank dr. Van Rensburg dat hy hom eindelik gedwing het om dit te doen. Nou kan ons met vrymoedigheid kies, nie voor of **teen of tussen dr. Malan en dr. Van Rensburg nie, maar vir die volksbeweging teen die partystelsel, en vir die gesagstaat teen die demokrasie. Want dit is tegelyk 'n keuse vir die republiek en teen die kommunisme, vir die Afrikanertradisie teen die raslose tradisieloosheid, vir die orde teen die rewolusie, en vir die Christendom teen die beginselloosheid — m.a.w. vir my God, my volk, my land, Suid-Afrika!**

Ons weet dat nie almal meteens so sal kies nie. Maar dit maak geen saak nie. Na mate die demokrasie vorder tot regeringloosheid en verder deur rewolusie tot kommunistiese diktatuur, sal die volk van Suid-Afrika as geheel wel gedwing word tot die regte keuse. En dan sal ons Suid-Afrika skoonmaak vir die Afrikanerdom, vir die blanke beskawing en vir die protestantse Christendom, maar ook vir al sy kinders wat reeds daar is en nog sal kom.

Die trek het begin. God sal die Leidsman wees en ons sal volg.

**Voorwaarts!**

## VREEMDE LEES

**Die ooreenkoms tussen die H.N.P., Die O.B. en die ander lede van die Eenheidskomitee in Junie 1941 te Bloemfontein, het o.a. gelui dat die staat nie op vreemde lees geskoei mag word nie.**

**Die parlementêre partystelsel is op vreemde lees geskoei. Dit is uit Engeland ingevoer. In die Republieke het geen partye bestaan nie. In Transvaal is dit in 1893 deur Volksraadsbesluit in die kiem gesmoor deur 'n verbod op die stigting van „Verkiezings-Comite's" ten behoewe van kandidate.**

## DIE VERLEDE

**In sy weiering van die O.B. se uitnodiging tot samewerking haal dr. Malan 'n reeks griewe van vier jaar gelede aan, op grond waarvan hy samewerking van die hand wys.**

**In sy beroep op die Verenigde Party 'n paar weke gelede in die parlement om saam te werk in belang van die demokrasie, verklaar dr. Karl Bremer, voorsitter van die H.N.P. in Kaapland: „Ons het 'n stadium bereik waarop ons ons behoort te skaam dat ons nog stry oor geskille in die verlede tussen die PARTYE en oor dinge wat in die verlede gebeur het."**

# Politieke Slagoffers van 'n Partybewind



JAN DU PLESSIS STEYN

**Gebore 7 Okt. 1918 te Jagersfontein. Hy was in die Polisiemag vir omtrent vier jaar en is op 7 Jan. 1942 deur die polisie in Johannesburg doodgeskiet onderwyl hulle 'n soektog na hom op tou gesit het tydens die massa-arrestasies in verband met die hoogverraadsaak van destyds.**

**„Ek sal my mede-Afrikaner nie in die steek laat nie en hom nie aan die vyand uitlewer nie."**




NEEM TOE IN POPULARITEIT



IN 'N VERANDERENDE WÊRELD

*Kommando*

-SIGARETTE

ROND OF OVAAL

WAARDE VIR GELD

BH2274

ONS JASSE, BAADJIE- EN JUMPERPAKKE IS VAN BEROEMDE SNYERS

*U SAL DIE SNIT EN STYLE WAARDEER*

*Steyns*

*DIE DAMESWINKEL*

PAROW

EEUFEESPOSKAARTE

1/6

Per Dosyn

SLEUTELKETTINGS

1/6

Posgeld 2d.

FAKKELLOOPPENNINGS

Egte Silwer 30/-

Posgeld 4d.

EEUFEESMEDALJES

9d

Posgeld 2d.

DAMES MANS EN SEUNS UITRUSTERS EN SNYERS

UNIEWINKELS

KOÖPERATIEF BEPERK

Kerkstraat 275

PRETORIA

TAKKE:
Johannesburg
Vereeniging
Benoni
Kaapstad.

# Politici Beklaag Verlies Van Hul Eie Aansien

'n Vlaag van kommer en sorg oor die verroesting van die parlementêre masjien en die diskrediet waarin die parlementêre stelsel by die volk geraak het, het verlede Dinsdag in die „Huis" ingewaai en 'n gees van bedruktheid daar laat heers.

Die Ossewabrandwag het lankal die parlementarisme as 'n uitgediende en ondoeltreffende stelsel verwerp, en het ook nie geskroom om dit te sê nie. 'n Baie groot deel van die volk, wie se getalle steeds aangroei, besef vandag dat die Afrikaner se heil opgesluit lê in die vernietiging van die parlementêre stelsel en die invoering van 'n ware volksregeringstelsel.

Nou het ook die parlementslede formeel kennis geneem van die klag teen hul krip, en het hulle die saak onder mekaar bespreek.

**„Die soewereiniteit van die parlement is in gevaar," het een betoog. 'n Ander het tussengewerp dat „in hierdie land 'n parlementariër 'n mompara is." „Die benaming ‚politikus' is besig om 'n skandnaam te word," het 'n voorbanker gekla.** Hy het voorts gesê dat die land vandag 'n stelsel het waarvolgens die sake van die land bestuur word sonder dat die parlement weet hoe dit geskied. **Hy skryf dit toe aan die partystelsel.** Partydissipline moet nie aan die parlement die karakters van 'n rubber-stempel gee nie. Die fundamentele vraag is of die volk nog regeer. Het die Unie ware demokrasie, het hy gesê. Voorts het hy gesê dat soos dinge vandag aangaan, is die parlement besig om sy oppergesag te verloor en sy werklikheidsgrondslag in te boet.

### OORSAAK VAN DOOD

„Agbare" lede aan regerings- sowel as opposisiekant het met lang, besorgde gesigte gesit en aanskou hoedat kollegas uit hul eie geledere opstaan om die doodsklokke oor hul geliefde parlementêre stelsel te begin lui. **Volgens diagnose sal die oorsaak van die dood wees: akute partypolitiek.**

Elke mens handel volgens die lig wat hy gekry het. So ook ons parlementslede. Gevolglik het hulle in hul groot parlementêre nood besluit om 'n komitee aan te stel, wat belas sal wees met die bewaring van die **soewereiniteit van die parlement!** Net soos die parlementêre komitees die grafstene van die gevolge van ons volksvraagstukke is, so sal hierdie komitee die grafsteen wees van ons dringendste volksvraagstuk—die parlementêre stelsel.

So van tyd tot tyd gooi „Agbare" lede heeltemal op hul eentjie 'n stuiwertjie in die parlementêre beurs — lewer hulle uit eie brein 'n bydraetjie. Onlangs is sulke stuiwertjies, ter onderskraging van die parlementêre stelsel oor die vloer gewerp.

### MOET WOORDE OPVANG

Een lid wou dat die publiek geïmponeer sal word met die majesteit van die parlement deur die toesprake van „Agbare" lede op spesiale golflengte uit te saai sodat Suid-Afrika en sy Vrou daarna kan inluister. Die woordevloed wat uit die monde van parlementslede stroom bereik nie die volk nie, het hierdie lid betoog, omdat die dagblaaie nie genoeg ruimte daarvoor afstaan in hul kolomme nie. **Nou gaan die woorde verlore en die parlement raak in onguns, het hy geredeneer.**

**Nog 'n lid het die bul by die horings gepak en reguit gesê dat die parlementêre praatjies te goedkoop is. Lede word te min betaal vir die woorde wat hulle in die „Huis" kwytraak.** „Agbare" lede ly bitterswaar onder die hoë lewenskoste en die duur en ontoereikende losiesgeriewe. **Daarom pleit hy dat die salarisse van parlementslede verhoog word.** Hierdie lid glo blykbaar dat die parlement se status verhoog sal word ooreenkomstig die verhoging van L.V.'s se salarisse!

Soos ons lesers seker nie weet nie, het daar onlangs groot verskuiwings ten aansien van sitplekke in die „Huis" plaasgevind. 'n Semi-voorbanker het hom lelik ge-erg oor die sitplek wat hom aangewys is. Hy glo blykbaar dat die status van die parlement intiem verbonde is aan die „bank" wat sy sitvlak moet huisves en hy het beslis deteriorasie bespeur by die aanwysing van sy nuwe sitplek!

So het die Raad gesamentlik en sommige lede afsonderlik hul bydraes gelewer tot die onskendbaarheid van die soewereiniteit van die parlement.

**Die handskrif is aan die muur. Die parlementêre stelsel skuif museum se kant toe.**

**Ondersteun ons Blad deur ons Adverteerders te steun.**

# Hy Weet Hoekom Volk Geen Huise Kry

Mnr. J. Combrinck, voormalige sekretaris van die Nasionale behuising en plannekommissie, dreig in 'n brief aan die regering om die redes te gee waarom die volk geen huise kry nie tensy die regering 'n ondersoekkommissie aanstel om die saak te ondersoek.

Mnr. Combrinck is een van die amptenare wat uitgeskop is omdat hy geweier het om uit die Broederbond te bedank. Hy skryf aan die regering dat aangesien daar aantygings in die openbare pers gedoen is dat Broederbondslede in die staatsdiens die regering se werk saboteer, daar nou gesê mag word dat hy dergelike sabotasie in verband met behuising gepleeg het en dus verantwoordelik is vir die tekortkomings ten opsigte van behuising. Daarom eis hy 'n grondige ondersoek na die vraagstuk.

**„Daar ek persoonlik kennis dra van die werklike oorsake van die genoemde tekortkomings, kan ek heelwat lig op die saak werp en sou ek so 'n ondersoek van harte verwelkom,"** lui dit in sy brief. **„Indien daar so 'n ondersoek geweier word en daar moontlike beskuldigings teen my eerbaarheid as staatsamptenaar gemaak mag word, wil ek hiermee te kenne gee dat ek my die reg voorbehou om sodanige kennis as wat tot my beskikking is, openbaar te maak ten einde my eer te handhaaf."**

# Nuwe De Wildt en 'n Nuwe Droogdok

Politici vermag soms snaakse dinge in 'n poging om hul politieke ware te adverteer. So het dr. Malan by geleentheid van die viering van die „dertigjarige" bestaan van sy party eienaardige politieke inleg gepleeg. Hy het 'n oorsig van die gebeurtenisse gegee wat tot die stigting van die Nasionale Party van genl. Hertzog gelei het. Vier belangrike tonele het hy voor sy gehoor ontvou. Die eerste was die amptelike erkenning van Afrikaans as taal deur artikel 137 van die Grondwet; die tweede was die stryd om Stellenbosch te behou as universiteit; die derde was die imperiale konferensie in Londen 1911 waar besluit is om die Unie in die komende oorlog te sleep, en die vierde 'n **Dingaansdagviering van dr. Malan aan die einde van 1912 op De Wildt!** „Een van diegene wat my op die stasie ontmoet het, aldus dr. Malan, „was niemand anders as Jopie Fourie."

**Hier word De Wildt, waar genl. Hertzog sy beroemde toespraak in 1912 gehou het wat tot die stigting van die Nasionale Party gelei het, gekoppel aan die leier van die huidige H.N.P. En in dieselfde koerant waarin hierdie politieke apokriewiteit gepubliseer word, pleit Die Burger in 'n hoofartikel dat genl. Hertzog se naam gekoppel moet word aan die droogdok van Kaapstad! Die hersiene geskiedenis lees aldus: De Wildt—Malan, Droogdok—Hertzog.**

Daar is nie vermeld of dr. Malan sy gegewens geput het uit die onlangs ingestelde politieke korrespondensiekursus van die H.N.P. nie.

### ALMAL TEGELYK

'n Nasionalis skryf in Die Burger dat die O.B. nie glo aan vryheid van spraak nie omdat 'n O.B.-wag hom stilgemaak het toe hy tussenwerpsels gemaak het tydens dr. Van Rensburg se toespraak op Stellenbosch verlede week. Vir hierdie tussenwerper beteken vryheid van spraak blykbaar 'n spreek- of kattekoor waarin almal tegelyk praat — soos in die parlement.

# Vir die Jeug Deur die Jeug

Gerard van Rooy, van Potchefstroom, skryf as lid van die Boerejeug:

Die jeug van Suid-Afrika is trots om DIE BOEREJEUG genoem te word, en om saam 'n eenheid te vorm in die Ossewabrandwag. Ek beskou dit my plig om van Boerejeug-kant 'n keer van ons te laat hoor, en om u mee te deel waar ons vandag staan.

Dikwels kom by ons die vraag op: Waarvoor moet ons georganiseer word? Ons is nog maar kinders, en kan tog nie die land beïnvloed met ons doen en late nie. Ons mag nie stem nie, daarvoor is ons nog te jonk (gelukkig). Ons spreek geen vergaderings toe nie. Ons kan tog nie juis invloed uitoefen op die mense nie. Is dit dan nie maar net tydmors om aandag aan ons te skenk nie? Die Boerejeug word georganiseer om verskillende redes. Ten eerste dat ons mekaar kan leer ken en verdra. Ten tweede dat ons kan leer om ons aan gesag te onderwerp, en ten derde om te leer, hoé om ons land te dien. Daarvoor word ook die kampe gereël, waarvan ons ten volle gebruik moet maak. As ons as jeug vandag leer hoe om eenheid te bewaar, en hoe om gesag uit te oefen, of ons daaraan te onderwerp, sal die volk van môre nie agterstaan by enige ander volk ter wêreld nie. Daarom skaar ons as jeug ons met die volste vertroue onder ons Jeugleier, en met die dissipline in die O.B. opgedoen, wat ons tot dusver nog nêrens kon opdoen nie, kan ons nou met mening sing: Die stryd wat ons vaders begin het, Sal woed tot ons sterf of oorwin het. DIT is die eed van Jong Suid-Afrika!

### BENE OPTEL

Deur bene op te tel en te verkoop het Pieter en Sannie Burger van Kareeboskolk, Brandvlei, 8s. ingesamel wat hulle stuur aan die Noodhulpfonds ten behoewe van hul makkertjies in nood.

### WATTER VERJAARDAG?

Die Herenigde Nasionale Party of Volksparty — 'n stigting van 1940 — het verlede week sy dertigjarige bestaan in Kaapstad herdenk. Miskien is dit 'n verjaardagviering by voorbaat, maar dit is gewaagd. Miskien is dit omdat hulle hom koppel aan dr. Malan se Nasionale Party wat in 1934 gestig is, maar dan laat die rekenkunde ietwat te wense oor. Miskien is dit omdat hulle aan die Nasionale Party van genl. Hertzog dink wat in 1933 opgehou het om te bestaan, maar dan moes dit 'n „in memoriam-viering" gewees het

# Dit Betaal om in Die O.B. te Adverteer

Mnr. H. D. Metlerkamp van George skryf:

**„As sekretaris van die George Saad-Aartappelkwekersvereniging het ek vir 'n geruime tyd nou gebruik gemaak van u blad om die saadaartappels te adverteer. Ek adverteer natuurlik ook in ander blaaie.**

**„Ek moet sê ek vind dat Die O.B. my beste advertensie-blad is.**

**„Ek het hierdie seisoen — hoewel dele van die land baie droog en ons pryse baie hoog was — meer as 'n duisend sakke saadaartappels verkoop aan mense wat die advertensie in u blad gesien het. My bestellings kom van al die dele van die land: Natal, Transvaal, Vrystaat, Kaapland en Suidwes-Afrika."**

Verder skryf mnr. Metlerkamp dat hy met die adverteerdery baie vriende gemaak het wat hy nog nie gesien het nie. Hy nooi hulle almal uit om hom te kom opsoek as hulle ooit op George uitslaan.

„Ek bly nie meer op daardie beroemde aartappel-plaas, Groot Hoek, nie — net die aartappels groei nog daar. Ek woon nou in die oostelike uitbreiding van George en as die A.K.G. my dit toelaat gaan my huis se naam wees: **Voorslag."** (Doen dit maar gerus — genl. Smith het geen beswaar nie! — Red.).

## VERJAARDAGKETTING

29 MAART: Susanna v.d. Merwe, Kakamas; W. v. d. Vyver, Somerset Oos; Magrieta Smit, Kirkwood; M. Olivier, Port Elizabeth; Regina Rees, Worcester; Johannes Stander, Port Elizabeth; Claudia Louw, Fraserburg; L. Zerwick, Rustenburg.

30 MAART: Tokkie Vorster, Pearston; Jacobus Westraad, Kirkwood; Merlene Wagner, Kirkwood; Sannie Moolman, Strandkloof; Monica Steenkamp, Springbok; D. Weitz, Port Elizabeth; Izak Burger, Nieuwoudtville; R. Schoeman, Bethlehem.

31 MAART: G. v. Wyk, Stellenbosch; Ohna Potgieter, Kirkwood; J. Voges, Stellenbosch; A. v. d. Byl, Kaapstad; M. du Plessis, Springbok; G. Ferreira, Port Elizabeth; M. Booysens, Koster.

1 APRIL: Rita Wolmarans, Karreedouw; Mariam Duncker, Kakamas; Hermanus Tallardt, Port Elizabeth; Willem Fourie, Observatory; Willem Rossouw, Ashton; Susanna Lubbe, Pietersburg; Jacoba Rogers, Middelburg; Celita Guillaume, Rustenburg.

2 APRIL: Roelie v. Eck, Stellenbosch; Nickie v. Wyk, Stellenbosch; Sarie v. d. Westhuizen, Kaapstad; C. Lombard, Malmesbury; Dan Esterhuyse, Noord Paarl; E. Erasmus, Merweville; Christiaan Blom, Sutherland; Jacomina le Roux, Wynberg; Barend v. Eck, Port Elizabeth; Heinie Esbach, Tiervlei; Pieter Latsky, Carnarvon; C. Swanepoel, Rietbron; Betty Mostert, Port Elizabeth; L. Smith, Modder-Oos; Maria Kruger, Bethlehem.

3 APRIL: Bertie Lotze, Noord Paarl; W. Nel, Wilgenhoutsdrift; Jan Slabbert, Hugenoot; Yvonne Archer, Nababeep; M. Badenhorst, Middelburg; J. Meiring, Utrecht.

4 APRIL: C .v. Wyk, Rustenburg; H. v. Jaarsveld, Mamagalieskraal; Maria v. Wyk, Swartruggens; K. Steyn, Stellenbosch; G. Kleynhans, Noord Paarl; Helena Coetzee, Pearston; Danie Venter, Tarkastad.


PAS VERSKYN

MIKRO

- **Die Geheimsinnige M9** 6/10 posvry.
  'n Speurroman.
- **Die Skerm Sak** deur R. Meiring 4/- posvry.
- **Mense wat Drink** deur A. S. Roux en prof. dr. W. A. Willemse 7/10 posvry.
- **Die Skool op Lewenslus** deur Adam Knapp 7/4 posvry.

PRO ECCLESIA-BOEKHANDEL
Posbus 29, STELLENBOSCH

# As Parlement Verdwyn

## *Elke Ge-organiseerde Bedryf Sal Deel Hê in Bewind*

Deur Prof. L. J. du Plessis

**Die Ossewabrandwag het in die huidige wêreld-worsteling die kant van die sosialisme gekies, en meer bepaald van die nasionale sosialisme, en is dus gekant teen die liberale demokrasie en sy uitloper die internasionale kommunisme of bolsjewisme. Daarom is die Ossewabrandwag ook onherroeplik vyandig teen die partystelsel en die parlementarisme.**

Dit beteken nie dat ons voorstanders is van 'n vreemde stelsel nie: ons wil b.v. geen Duitse heerskappy of Duitse stelsel in Suid-Afrika hê nie. Maar ons as nasionale Afrikaners en die Duitsers staan wel aan dieselfde kant van die ideologiese skeidsmuur. Hulle en ons, soos ook ons eie voorouers, wil 'n vrye volkstaat hê; hulle het op hulle manier net 'n bietjie verder as ons gevorder en het veral ook duideliker ingesien dat so 'n staat in die ingewikkelde moderne wêreld alleen kan standhou deur die inrigting van 'n sterk volksgesag. En die hele westerse wêreld begin dit al duidelik besef, veral nou in oorlogstyd.

So 'n nasionale gesagstaat is ook geensins in stryd met ons volksverlede, ons volksaard en volksbeginsels nie. Elke volk moet dit op sy eie manier tot stand bring om by homself te pas: daar is geen algemeen invoerbare resep nie. En ook in ons volksverlede en volksbeginsel lê duidelike voortekens daarvan soos b.v. in die posisie van die kommandant-generaal en die latere presidente. En inderdaad was die Calvinisme altyd gekenmerk deur die strewe om die uiterstes sowel van die massaregering as van die alleenheerskappy te vermy: dit was altyd meer aristokraties as demokraties geneig.

### GEEN DIKTATUUR

Dit is 'n algemeen verbreide misverstand dat die Ossewabrandwag 'n soort alleenheerskappy of diktatuur wil oprig. Maar dit kan tog nie wees nie, aangesien ons eintlike doel is om ons volk in sy eie Godgegewe land tot sy reg te laat kom. Wel voel ons dat die volk alleen tot sy reg kan kom as hy homself in beweging stel onder 'n kragtige eenheidsleiding na sy einddoel toe. En so 'n leiding kan nie langs demokratiese weg in 'n land soos Suid-Afrika met sy bonte mengelmoes-bevolking tot stand gebring word nie. Die enigste middel is dat die verskillende volksvoormanne hulself saamsluit en 'n eenheidsleiding daarstel wat aan die werk kan gaan, en later, as die land skoongemaak is, deur 'n ware volkstemming bekragtig kan word. So het ons binne die Ossewabrandwag probeer optree en dáár word inderdaad die gesag van die verskillende hoofde saamgevat in en deur die Grootraad, wat weer die gesagsvoering opdra aan die Kommandant-generaal, wat egter aan die Grootraad verantwoordelik bly. En daar sou by ons ook geen beswaar wees, soos ons in die verlede al getoon het, om ook met ander groepe op hierdie manier saam te skakel nie.

### SELFS POLITICI

Ons was en is selfs bereid om so met party-politieke voormanne te skakel. **Want ons is nie vyandig teen die persone nie, maar wel teen die stelsel wat volksgenote van mekaar afhok en die volksbestemming wil laat bepaal deur die massastem.** Daarom bots ons gedurig met die politici. En selfs oor die verskil van optrede neem ons hulle nie te erg kwalik nie, omdat dit nie verwag kan word dat hulle so maklik van hulle demokratiese lewenswerk sal kan afsien nie. Ons erken selfs onder die party-politici uitnemende volksvoormanne en goeie Afrikaners en dat hulle hul bes doen om met die parlementêre masjien iets goeds in die volk tot stand te bring. **Maar ons meen dat hulle en ons doel alleen bereik kan word deur afskeid te neem van die ou stelsel wat al so dikwels sy magteloosheid en selfs skadelikheid bewys het.** En as ons dan sien hoe hulle soms terwille van party-politieke voordeel nie skroom om tot vervolging van ons leiers aan te hits nie, dan is dit vir ons maar net die afdoende bewys dat daardie partystelsel van hulle 'n onnatuurlike volksverderf is waaraan alle gesonde volksgenote hulle binnekort vanself sal afwend.

Dit wil nie sê dat ons nou juis geweldpleging voorstaan nie: ons hoop selfs dat dit nie nodig sal wees nie, al vrees ons die teenoorgestelde en maak onsself ook geestelik daarvoor klaar. **Ons glo egter wel dat as ons in ons volkseenheid kan optree onder kragtige eenheidsleiding in plaas van 'n party-verdeeldheid, dat ons dan, met of sonder eleksie, met of sonder geweld, die heerskappy in Suid-Afrika sal verkry vir die volk van Suid-Afrika, die enigste beskaafde volksgemeenskap in Afrika, die Afrikanerdom.**

### NIE NET O.B.'s

Dan sal dit ook nie nodig wees dat O.B.-offisiere in alle poste ingestop word nie: nee, daar is baie goeie politici, baie goeie amptenare, baie ander goeie Afrikanerkragte wat die hart en die wil, die bekwaamheid en selfs die planne gereed het, as hulle maar net die eenheidstelsel kan verkry waardeur hulle hul werk van volksherstel wat deur die party-politiek en die perlementarisme belemmer word, kan deurvoer.

En as ons dan sê dat die volkstaat wat so tot stand sal kom, 'n sosiale gesagstaat sal wees, dan beteken dit nie sosialisme in dié sin dat alle besitters van hulle eiendom beroof sal word nie. Dit sou staatskapitalisme wees, en ons wil geen alleenheerskappy hê oor die bronne van volkswelvaart nie, nòg van privaat kapitaliste nòg van die staat. **Wel wil ons alle spekulasie uitskakel met die kos, klere, wonings en kultuurgoedere van die volk.**

**Die sosiale karakter van ons toekomsstaat beteken in die eerste plek dat werk vir almal verseker word, dat die werkverrigter beloon word volgens verdienste en behoefte en dat vir die werkersgesinne behoorlike huisvesting en gesondheidstoestande gewaarborg word.**

**Verder beteken dit dat die produksie gerig word op volksbehoefte met bewaring van produksie-bronne vir die toekoms en dat privaat winste uit die produksie terdeë beperk word.**

### GEORGANISEERDE BEROEPE

Dit sal verkry word deur versterking van die staatsgesag, behoorlike beplanning en magtiging tot uitvoering van die planskemas. **Maar by alles sal in noue voeling gewerk word met die georganiseerde beroepe wat gelei sal word en elk sy eie beroepsbedryf so goed moontlik in te rig, in eie- en in volksbelang, en om sy bepaalde bydrae tot die volkswelvaart behoorlik in te skakel by die van al die ander. Dit sal 'n regering wees nie bloot deur politici en amptenare nie, maar ook en veral deur die werkers en die kenners van die verskillende werksvertakkinge en die werklike leiers daarin: vir die werker 'n werkersregering, vir die boere 'n boere-regering, vir die nyweraar 'n nyweraarsregering, ens., en vir almal saam 'n sosiale volksregering.**

En in hierdie verband, nl. die werksverband, sal nie alleen Afrikaner-volksgenote hulle plek kry nie, ook nie alleen hulle saam met die nie-Afrikaner wat tot nasionale samelewing met die Afrikanerdom bereid is nie, maar alle blankes en ook alle gekleurdes.

Alleen maar, soos nodig en reg, sal die volksgenote in die sleutelbedrywe die voorkeur hê en sal die blankes 'n eie afgeslote voorkeurgebied hê, terwyl die gekleurdes hulle eintlike volle selfontwikkeling sal moet vind in eie afgebakende woongebiede.

Meer bepaald sal die arbeidsverband die brug vorm om nie-Afrikaners geleidelik in te lyf in die Afrikaanse volksverband. Daartoe, glo ons, het die militêre samelewing van die jongste verlede voorberei en sal die komende werklike tweetaligheidstelsels 'n verdere voorbereiding vorm, totdat ons eindelik almal een is.

### VOLKSREGERING

**Die Ossewabrandwag wil dat die boere deur boere in die volksraad verteenwoordig moet word, die spoorwegwerkers deur spoorwegwerkers, die mynwerkers deur mynwerkers, die onderwysers deur onderwysers, ens. ens. Elke natuurlike belangegroep moet sy verteenwoordigers aanwys in plaas van dat hierdie belange almal saam deur onkundige politici verteenwoordig moet word wat deur Jan Rap en sy maat gekies word op grond van hul loialiteit teenoor die een of ander politieke party.**

**Dit noem ons VOLKSREGERING, die huidige is PARTY-regering.**

---

**Kobus Bezuidenhout** van Kroonstad het met sy verjaardag, wat saamgeval het met Vryheidsdag, 'n halfkroon present gekry. Haastig en gretig het hy dit in die offerkissie gaan gooi.

---

# Soldaat Vind Sy Tuiste in O.B.

,,Nog 'n teruggekeerde'' skryf:

Met belangstelling het ek die stellingname van 'n oud-soldaat in u vorige uitgawe gelees. Nie alleen beaam ek sy kern-idee nl. dat ons nie net werktuie van die oorlog is en daarmee ons stukkie lewe beëindig het nie, maar ons voel dat na ons ons bydrae — watter motief ook al daar agter was — gelewer het, ons weer 'n aanknopingspunt in die sosiale lewe moet soek, en vind dat nadat ons alles onderoek het en opgesom het, die O.B.-beweging dié ideaal inhou wat dissipline en vaderlandsliefde tegelyk dek in die vorm van nasionale sosialisme waar ons tuis is.

Op die slagvelde het ons soldate as mense die lewe leer ken, in al sy naaktheid......wild starend in die aangesig van die dood......of vol humor met al sy pret, maak nie saak watter van die twee prentjies vir jou voorgehou word nie. Jy as mens, moes jou daarby aanpas. Nou is jy oudsoldaat, m.a.w. nou kry die motte weer kans om gate in jou soldaatklere te vreet, en terwyl hulle daarmee besig is, sukkel jy om 'n aanknopingspunt in die sosiale lewe te vind.

### GEVARE

**Hier het ek gevind dat daar op hierdie gebied net soveel sosiale gevare bestaan as wat daar op die slagveld was.** Die oorlog het my geleer om nie sommer blindelings op 'n posisie af te storm nie, nee — daar word eers gespioneer en dan besluit.

In hierdie gees het ek as oudsoldaat en as mens my kom aanpas in die sosiale lewe. En omrede ek ook as mens die reg het om te voel en te besef dat ek darem nog 'n vaderland het waarin ek seer seker meer tuis voel as op vreemde slagvelde en vreemde lande, vir vreemde motiewe en vreemde ideale, het ek, soos dit elke opregte soldaat betaam, die posisie in my vaderland gespioeneer, en 'n opsomming van die voor en teë's gemaak en toe besluit: **dis die beste en enigste wyse om die posisie te verower nl. dat die O.B. die enigste tuiste is vir die man wat nie sy vriend op die slagveld sal laat lê om te sterwe nie, maar hom sal bystaan en help en versorg, omdat hy 'n mede-Afrikaner is en nie 'n skepsel wat volgens ,,ander' se opinie as volg opgesom kan word nie: ,,Good luck old chap — kom jy deur, kan ons jou later miskien weer gebruik vir ons vuil werk''.**

Geagte Redaksie, u sal miskien dink — nog 'n teleurgestelde en nou kom klae hy sy nood by ons, want hy het seker gehoor, watter lewensopvatting ons huldig. Miskien is u reg op so 'n oordeel, maar ek kan u die heilige versekering gee lat hierdie skrywe van my nie die wangeboorte is van ,,At the spur of the moment'' nie.

### PARTYPOLITIEK

**Ek kan u verseker dat ek baie oor die saak nagedink het — waar ek tot hierdie besluit gekom het. Ek sal 'n leidraad gee wat my tot hier gelei het: Daar was die S.A.-Party wat deur een of twee persone in die lewe geroep is vir politieke doeleindes. Toe het daar 'n Nasionale Party gekom, wat deur een of twee persone in die lewe geroep is vir politieke doeleindes. Toe volg die Verenigde Party deur een of twee persone in die lewe geroep vir politieke doeleindes. Toe volg die H.N.P. deur een of twee persone in die lewe geroep vir politieke doeleindes. So was daar 'n paar ander politieke partytjies deur een of twee persone in die lewe geroep vir politieke doeleindes.**

**Toe in 1938 kom daar iets spontaan uit die volk wat nie deur een of twee persone in die lewe geroep is vir politieke doeleindes nie, inteendeel die volk het gevoel dat as die politieke leiers dan net tyd het vir twis en tweedrag gaan hulle self hulle heil en toekoms uitwerk nl. 'n republiek, waarin 'n paar politieke leiers nie meer die volk sal bedrieg nie. Vir**

(Vervolg in voorgaande kol.)

(Vervolg van volgende kol.)

meer as dertig jaar speel die politieke mense skaak met die ekonomiese welvaart: opheffingswerk, ens. word uitgebuit vir politieke wins. Wat het die volk al van so 'n politieke regering ontvang? Die staat gee subsidie, staatsvoorskotte ens. ens., maar dis ook volgens hullè 'n guns en nie 'n reg nie. Ons arm mense het net soveel reg, nee oneindig meer reg op 'n ordentlike ete, en 'n goeie bed as die kapitalistiese, demokratiese, Joodse elemente wat op die oomblik nog daardie arm mense verder uitsuig vir hulle eie voordeel.

Kan u my dan kwalik neem as ek besluit het dat die nasionale sosialisme wat u nie net verkondig nie, maar self uitlewe, die enigste redding vir ons volk is? Wat politieke regerings as 'n guns beskou het, beskou ons in die lig van plig en reg. (Ons moes 'n bietjie verkort. — Red.).

*BOLAND BOTTELSTOOR*

HOOFSTRAAT 73

PAARL

Foon 984

SPRINGBOK MEUBELS

*Die HUIS en KANTOOR MEUBELEERDERS*

Ons bied aan Meubels van Kwaliteit teen billike pryse.

BESOEK ONS OF SKRYF OM BESONDERHEDE.

*Victoriaweg 171*

*WOODSTOCK.*

Takbesigheid:

Jan Phillipsgebou, Lady-Greystraat, PAARL.

Foon 929.

## *Geklassifiseerde Advertensies*

### VERLOWING

**K**URSUS in Huishoudkunde:—Vir alle jong dames en huisvrouens nou gereed. Kookkuns, Klere Skoonmaak, Huisbestuur, ens., ens. Volle besonderhede van: **Boerdery Korrespondensie Kollege, Posbus 10, Noordbrug, Potchefstroom.**

### HUWELIK

DE WIT — VAN NIEKERK: Aan al ons familie en O.B.-vriende maak ons, Minnie, van Aberdeen en Thys, van Scholtzkloof, Prins-Albert, bekend dat ons D.V. Woensdag, 4 April in die N.G. Kerk te Mosselbaai trou. Telegramme: Pos Restante, Mosselbaai.

### PERSOONLIK

**A**NNETTE-ATELJEE (Edms.) Bpk. Fotografiese werk van enige aard. Uitmuntende diens teen billikste pryse. Steun hierdie Afrikaners: **Spoorbondkas-Gebou, De Villiersstraat 15, Johannesburg. Foon 33-3738.**

**B**OEKHERSTELWERK. — Familie-Bybels, gesang-, erfstuk- en enige ander boeke wat stukkend is, sal ons vir u nuut maak. — **Vertaal-buro, Stellenbosch. Posbus 180. Stellenbosch. Foon 486.**

**G**EVRA: Twee Rhodesiese Rigeback honde, reun en teefie, tussen ses en nege maande. Besonderhede en pryse aan **M. D. Pretorius, P.S. Wolram, Vryburg.**

**O**NDERSTEUN 'n Afrikaner-firma, reeds 40 jaar tot u diens. Stuur u produkte, pluimvee en lewende hawe aan: **H. Basson, Markagentskap. Breestraat 100, Newton.**

**O**NMOONTLIK? Waarskynlik is dit glad nie onmoontlik vir u om u gesondheid volkome te herwin nie. As u aan enige kwaal ly, afgesien van hoe ernstig dit is en of dit tot hiertoe as ongeneeslik beskou is, skryf aan ons en verstrek volledige besonderhede. Geen medisyne, geen heelkundige toestelle nie, en u staan onder geen verpligting nie. **The Scientific Health Institute, Posbus 1336, Kaapstad.**

**O**NDERSTEUN 'n Afrikanersaak. A. P. Swart vir Kruideniersware, eetware en alle soort benodighede. **Carolinestraat 95, Brixton. Foon 35-1879.**

**PREMIER EIENDOMS AGENTSKAP EN AFSLAERS**
**611—612 Groote Kerkgebou — Kaapstad**
**Foon 2-5970.**
Onderneem die verkoop van ENIGE Eiendom, Los Goedere en Lewende Hawe per private onderhandeling of publieke veiling, enige plek in die Kaapprovinsie.
**P. H. OLIVIER — MAKELAAR.**
**J. DE WAAL HENNIG — AFSLAER.**

**W**ESTMINSTER - HAARKAPPERSALON. — Bestuurder J. P. Olivier, vir snelle, higiëniese en puik behandeling. Tabak, sigarette en toiletbenodigdhede in voorraad. — **Kerkstraat 6. Foon 2-4831.**

### LEESSTOF

**P**UBLICITÉ bring u die openbarings van die worstelende gees van ons tyd. Leeslaerreeks; politieke, ekonomiese en maatskaplike brosjures. Die moderne uitgewers **Publicité, Posbus 4892, Johannesburg.**

### BELANGRIK VIR BOERE

**O**NS bied aan: — Kursus in Varkboerdery. Kursus in Skaapboerdery. Kursus in Tabakboerdery. Kursus in Huishoudkunde. Besonderhede van:: **Boerdery Korrespondensie Kollege, Posbus 10, Noordbrug, Potchefstroom.**

### BETREKKING VAKANT

**D**RINGEND BENODIG: Jong Afrikaner (nie jonger dan 20 jaar) as blokman in klein plattelandse slagtery. Vorige ondervinding sal 'n aanbeveling wees, maar is nie noodsaaklik nie. Vernaamste vereistes: Eerlikheid en gewilligheid. Meld salaris verlang, asook wanneer dienste aanvaar kan word. Skryf in die eerste plaas aan **„Slagter", Bus 70, Springbok.**

**D**ADELIK BENODIG: 'n Banketbakker met kennis van versierwerk, asook van ander groot en klein koekies; vir 'n plattelandse dorp, 45 myl van Kaapstad. Salaris £7 per week. Skryf aan: **XYZ, Posbus 1411, Kaapstad.**

**B**ENODIG: Tweetalige Snelskrif-tikster vir Prokureursfirma in Kaapstad, vanaf 1 Mei 1945. Goeie salaris vir gekwalifiseerde persoon. Vakansie 3 weke plus 10 dae per jaar. Skryf aan: **Posbus 3317, Kaapstad.**

### BEKENDMAKING

**G**RAAG wil ons aan die Dames van Brooklyn, Rugby, Milnerton en omgewing bekend maak dat ons weer besit van DAGBREEK DAMESHAREVERSORGINGSSALON, HOOFWEG, BROOKLYN, sal neem vanaf die 26ste Maart, 1945, en dat ons die versekering gee vir alleenlik perfekte diens.

Ons het vroeër voordat ons DAGBREEK verkoop het die vertroue van al ons klante gehad, en ons twyfel nie dat ons dit weer sal kry nie.

Die werk en diens sal deur **Mev. A. C. Olivier** en haar behoorlik daartoe gekwalifiseerde assistent gelewer word met blywende tevredenheid. — **P. H. Olivier**, Skepper van Dagbreek.

Uitgegee deur Voorslag (Edms.) Beperk, Kamer 703, Groote Kerkgebou, Adderleystraat, Kaapstad en gedruk deur Pro-Ecclesia-Drukkery (Edms.) Beperk, Stellenbosch.

**W. VOIGT (Eiens.) Bpk.**
**Fabrikante van**
**Kelder- en Besproeiingsmasjinerie.**
**Bus 10 . . . HUGENOOT, K.P.**

### BETREKKING VERLANG

**J**ONG getroude man, 27 jaar oud, 3 maande gelede uit Koffiefontein vrygelaat, verlang betrekking dringend as plaasvoorman. Lewenslange ondervinding van gemengde boerdery, trekkers, dorsmasjiene, ens. Skryf aan **P. Kapp, Piet Retiefstraat 18, Wolmaransstad.**

### TE KOOP

**A**ANDAG BRANDWAGTE. Die O.B. Soutwerke bied aan: A1, 59/-; No. 1, 54/-; No. 2, 49/- per ton, kosteloos gelaai Soutpan. Adres: **Venter en Du Plooy, P/sak Arbeidsloon, Bloemfontein.**

20,000 DAGOUD-KUIKENS maandeliks verkrygbaar vanaf April. Australorps, Leghorns en kruis van Leghorn en Australorp, teen £6-10-0 per 100 K.M.B. of K.B.A. Almal gebroei van uitgesoekte, sterk, gesonde hoenders. Bestel dadelik om teleurstelling te voorkom, van: **H. R. Malan, Weltevrede Pluimveeplaas, P.K. Kerstfontein, Paarl. Foon 6203.**

**E**ERSTEKLAS **UIESAAD.** Vroeë Kaapse Plat Geel, 7/6. Australiese Bruin, 6/-. Spaanse Bruin, 6/-. Kaapse Strooi, 6/-. Alles per pd. **Gert van Rooyen, Bus 41, Uniondale.**

**G**EREGISTREERDE Stoet- en Ongeregistreerde Afrikaner-bulletjies. Mak geaardheid. Goeie kondisie, direk van die veld, goed gegroei en koeie is goeie melkers. Gebrand vir subsidie. Navraag by: **Haarhoff, Uitkomst, Graaff-Reinet.**

**G**ROENTESAAD. — Chantenay Wortelsaad 12/-; Donker Detroit Beetsaad 10/-; Australiese Bruin Uiesaad 6/-. Almal per pd. 2/- duurder op halfponde. Alles gesertifiseer. K.M.B. Posvry. — **Premier Saadkwekers en Verspreiders, Schoemanshoek, Oudtshoorn.**

**H**EERLIKE vars gesonde tafelartappels teen 28/6 per sak van 153 pond. V.O.S. Bethlehem, in nuwe sakke. Tevredenheid gewaarborg. **S. W. Rabie, Kommandant, Bus 328, Bethlehem.**

**H**OEGRAAD melk Korthoorn Verse, geteel uit Haslop Pengelley Q.B. en Haslop Lord Halifax Q.B. uit hoëgraad koeie wat almal uit gekwalifiseerde bulle geteel is en goeie melkers. Almal sonder hoorns, kleur rooi en skimmel, goed uitgegroei en in prima kondisie van 18 maande tot 3 jaar oud, gedek deur Haslop Angler Q.B. Om nie minder dan 12 uit te soek nie tussen 50, prys £20 stuk. Inspeksie uitgenooi. — **S. P. Bekker, Kleinfontein, Tarkastad.**

**M**OOI uitgesoekte Wit Australorp-Hane. Beter hoender as swarte. Ongeveer 8 maande oud, teen £1 stuk. Navraag: **Haarhoff, Uitkomst, Graaff-Reinet.**

**M**EUBELS. — Besoek of skryf aan die saak waar u waarde, diens en tevredenheid kry. **Petra-Meubels Bpk., Sentraalstraat 220, Pretoria. Posbus 1356. Foon 2-0194.**

**M**AAK u bye-boerdery lonend deur wetenskaplik-geboude korwe te gebruik. Beskut teen weer en wind met sement-asbesbedekking. Volledige stel £4-10-0. Spesiale afslag vir 5 of meer. Alle toebehoorsels verkrygbaar op aanvraag. Bestel van: **F. J. du Plooy, Posbus 9079, Johannesburg.**

**N**AAIMASJIEN. Eldredge, tafelmodel, nuut gekoop in 1942, baie min gebruik. Eersteklas toestand. Prys £14. Navrae: AZ, Posbus 1411, Kaapstad. Foon 3-0881.

**O**NS bied aan Gesifte Karoomis teen 38/6 per ton; Rumis teen 12/6 per ton (minimum 12 ton); Ganna Loogas, die beste soutlek teen geilsiek en haarwurm, teen £1 per sak. V.O.S. ons stasie. Aflewering dadelik. 90% afslag op spoorvrag aan Transvaal en Natal boere. Kontant met bestelling aan **Noordelike Kaap Soutpanne, Posbus 68, Prieska.**

**R**AMME. — Gladde lyf, oop gesigte, veldgegroeide Wanganella-ramme, 5 maande hoë kwaliteit lang wol. Vier- en ses-tand, £3 elk. — **A. L. Bekker, Klipheuwels, Steynsburg.**

**T**ABAK-, Bone-, Erte- en Druiwestokke, ½ tot 1 dm. dik, 5 voet lank, ongebas. Swart wattel of bloekom. £3-0-0 per 1000, v.o.s. Lothair-stasie. — **J. T. Maritz, Lothair.**

**V**AN'S CONCRETE PRODUCTS. — Terazzo, Kombuis- en handwasbakke, baddens, septiese tenks, pilare, vloerteëls, voertrôe. Enigiets in beton. Direkteure: **P. W. en F. G. van Heerden, Potgieterstraat 258, Pretoria.**

### WYNE

**5** GELLING Muskadel-likeur £2-12-6; Anker £3-17-6. 5 Gelling Rooi of Wit Muskadel-Jeripigo of Beste Ou Port £2-2-6; anker £3-2-0; 5 gelling Rooi Soet Muskadel £2; anker £2-18-6. 5 gelling Worcester Hock, Soet Sjerrie of Half-soet Muskadel £1-15-0; anker £2-11-0. Voorwaardes: Kontant of K.B.A. Wyn gelewer Bonnievale-stasie. Vaatjies moet teruggestuur word. **J. C. Jonker, Weltevrede-Wynmakery, Posbus 6, Bonnievale, K.P.**

# *VRYHEIDSDAG HERDENK*

**AUGRABIES**

By geleentheid van Vryheidsdag, wat feestelik herdenk is, is die bedrag van £10-13-9 vir die Noodhulpfonds om die vuur gekollekteer. (Ingestuur).

**RHENOSTERKOP**

Hierdie ywerige veldkornetskap het £8-9-0 ingesamel vir die Noodhulpfonds. Dit is deel van die Marchandkommando, en hulle woeker hard deur die jaar om by te dra vir hul lydende kamerade. (Ingestuur).

**SWELLENDAM**

Die kommando's van Swellendam hou gereeld hul feeste. Die brandwagte is getrou en nie een het nog bedank nie. Die opbrengs van 8 Augustus 1944, van die gesamentlike manne- en vroue-kommando's was £61-12-6 en na aftrek van plaaslike toelae is £52-7-6 opgestuur aan die hoofkwartier. Die gesamentlike opbrengs met die jongste Amajubafees was £20. Alle brandwagte het mooi saamgewerk. (Ingestuur).

**EDENVILLE**

Net toe alles gereed was vir ons om Vryheidsdag te vier, kom die teleurstelling dat die kommandante van die plaaslike Vrouekommando, mev. S. J. v. Niekerk na die hospitaal moes gaan vir operasie. Dit het suksesvol afgeloop en hoewel sy baie pyn moes verduur, is die vordering so mooi dat gehoop word om haar binnekort weer by haar huis te kan besoek.

In afwesigheid van ons kommandante is nogtans die mooi som van £20 ingesamel vir die Noodhulpfonds. Dank aan al die offisiere en brandwagte wat met soveel ywer gewerk en bygedra het. (Ingestuur).

**KIRKWOOD**

Vryheidsdag is op 24 Feb. op Kirkwood herdenk. Weens nat weer kon die verrigtinge nie om die gewone groot houtstapel plaasvind nie. Kommandant W. R. Laubscher het op plegtige wyse die geskiedenis van die Amajuba oorwinning vertolk. Hy het ook die ekonomiese en parlementêre front van die O.B. duidelik uiteengesit. 'n Basaar wat gehou is, en vrye offers, het saam met die Boerejeug die som van £50 ingesamel vir die Noodhulpfonds. (Ingestuur).

**ABERDEEN**

Weer het die O.B.-kommando van Aberdeen homself oortref met die Amajuba feesviering onder leiding van komdt. R. Smith. Genl. P. J. Booysen het die verrigtings geopen met skriflesing, gebed en sing van Ps. 146 vers 3. Daarna het genl. Booysen 'n toespraak gelewer. Die fakkeldraers van die Boerejeug het die Vryheidsvuur aangesteek. Die gees van samewerking was 'n krag en inspirasie, vandaar die som van £85 wat ingesamel is. Gedurende die laaste ses maande het die kommando ook £200 ingesamel met 8 Augustus (Ossewabrandwagdag) en £7 vir Kersfeesetes vir geïnterneerdes. Dit is 'n voorbeeld vir die volk: waar eenheid heers. Wat 'n krag. (Ingestuur).

**PORT ALLAN**

Op die plaas van brandwag Jurie Erwee, naby Wesselsbron, het die kommando feesgevier. Dit was 'n heerlike dag en die opkoms en ondersteuning was uitstekend. Die mooi bedrag van £85 is ingesamel. Die boerejeug se aandeel was £6. Heelwat jong mense was teenwoordig, waaronder baie padtylede, en in die aand na die verrigtinge het die jongspan volkspele gespeel. Die verrigtings van die dag was onder bevel van hoofkomdt. P. P. Maas. (Ingestuur.

**STERKSTROOM:**

Hierdie jaar het die Sterkstroomkommando Majubafees gevier te Kalkoenkrans. Braaivleis, lekkernye en Turksvye was verskaf deur veldkt. en mev. Opperman. Sowel lede as nie—lede was teenwoordig. Dit lyk asof die ontevredens by die H.N.P. stadig terugkeer na die O.B. Die plegtighede is waargeneem deur komdt. J. C. Opperman en 'n mooi bedrag is ingesomel vir ons lydende broers en susters. — (Ingestuur).

**PIETERSBURG**

Die kommando het op 24 Februarie op Eendvogelspan en op 27 Februarie op Boomsien Vryheidsfees gevier. Die mooi som van £31-16-9½ is ingesamel. As sprekers het opgetree hoofkomdt. van Zyl en die veldprediker, ds. Van Rooy van Pietersburg. Ten spyte van die droogte was die opkoms in albei gevalle baie bevredigend. (Ingestuur).

**WINBURG**

By geleentheid van Vryheidsdag het die kommando 'n baie aangename dag deurgebring. Ds. A. J. Stander wat oorgekom het, het in die voormiddag 'n kragtige toespraak gelewer. Die bedrag van £57-15-0 is ingesamel vir die noodhulpfonds. Hierdie kommando het ook verlede jaar meer as £10 bygedra vir die Kersmaal aan die geïnterneerdes. (Ingestuur).

**CHRISTIANA**

Op die 27ste Februarie het hierdie kommando 'n baie aangename feesviering gehad op die Paul Kruger-plein. Verversings is bedien, braaivleis geëet en jukskei gespeel. Die som van £16 is ingesamel. In die aand het die gebiedsleier, genl. v. d. Westhuizen opgetree. Mnr. Jannie Wentzel het ook die woord gevoer. (Ingestuur).

**ERMELO**

Hierdie kommando is een van genl. Scheepers (E7) se kommandos, op wie 'n besondere verpligting gerus het, as gevolg van die generaal se belofte (namens sy krygsraad) om bo en behalwe die gewone offers 'n ekstra £300 vir die Noodhulp in te samel in die generaalskap. By geleentheid van die Vryheidsfunksie is die pragtige bedrag van £155-9-3 ingesamel. Dit word beskou as 'n prestasie in 'n vesting van die Verenigde Party soos Ermelo is. Die aanwesiges is toegespreek deur prof. L. J. du Plessis wat 'n baie heldere en duidelike uiteensetting van die koers en rigting van die Ossewabrandwag gegee het. (Ingestuur).

**ROOSSENEKAL**

Die kommando van Roossenekal, Stoffberg en Tonteldoos het op 24 en 27 Feb. onderskeidelik Vryheidsdag op geslaagde wyse gevier. Op elk van die drie plekke is afsonderlike funksies gehou, en hulle is baie goed bygewoon. Roossenekal se opbrengs vir die Noodhulpfonds die dag was £10, Tonteldoos £5 en Stoffberg £6. Die mense daarlangs is maar arm, dog hulle harte en hande is oop vir die volksaak. Ondanks bittere teenkanting van H.N.P.-kant, staan die lede nog geesdriftig by hul Beweging. Die party het die maand tevore weer begin organiseer en onder leiding van die parlementslid van Brits is twee takke gestig waarop daar 14 en 27 mense onderskeidelik teenwoordig was. — (Ingestuur).

**PLUIMVEE**
**Die Beste Firma om u PLUIMVEE, EIERS en ander PRODUKTE aan te stuur is:**
**C. M. ELOFF EN KIE.**
(Edms.) Beperk
**MOREMARK (Posbus 7185) NEWTON**

**IS U KAR BAIE BESKADIG IN 'N ONGELUK?**
**Bring dit na ons en sien die resultaat ! !**
**ROELOU BARRY (Edms. Bpk.**
**ROBERTSON — MONTAGU — BONNIEVALE — LAINGSBURG.**
Ons spesialiseer in bakwerk, veral ongeluk en meganiese herstelwerk, en smeer van Karre.
**Agente vir: Ford, Firestonebande en Plaasgereedskap.**
**VINNIGE EN DEEGLIKE DIENS GEWAARBORG.**